

Woordskepping in die poësie en in die briewe van Peter Blum: 'n Glossarium

Joanna Gouws

Universiteit van Stellenbosch

ORCID: <https://orcid.org/0009-0006-9025-9754>

Abstract

Word formation in the poetry and letters of Peter Blum: a glossary

This article, titled “Word formation in the poetry and the letters of Peter Blum: A glossary” is a provisional account of the meaning of the plethora of newly minted words found in Peter Blum’s poetry compilations – *Steenbok tot Poolsee* (1955) and *Enklaves van die lig* (1958) – and the collection of letters *Briewe van Peter Blum* (2008). Taken together however, these words can hardly be neatly categorized into any one linguistic category such as neologisms, since very few of the words and their purported meanings have been formally lexicalised. Through extensive referencing – to include English, French, German, Middle Dutch and Latin dictionaries as well as etymological dictionaries of Dutch and Afrikaans – and by using lexicology as a broad theoretical underpinning, it is revealed that Blum depended heavily upon loan translation and the creation of highly context-dependant words in terms of their meaning. This glossary is mainly demarcated along those words with an opaque meaning, regardless of linguistic category.

1. Inleiding

Peter Blum se digbundels – *Steenbok tot Poolsee* (1955) en *Enklaves van die lig* (1958) – sowel as sy briefversameling *Briewe van Peter Blum* (2008), is 'n lushof van nuutgemunte woorde wat allermens almal netjies gesorteer kan word in enige gegewe taalkundige kategorie. So byvoorbeeld het ons te doen met 'n Blum-neologisme soos “Oppergoon”, na aanleiding van “Opperman-epigoon”; die benaming vir 'n “mindere afskynsel” van die skrywer en digter D. J. Opperman (Kannemeyer, 2008:294).

Uit die publikasiegeskiedenis (sien Scholtz, 1981) sowel as in die destydse briefwisseling tussen Blum en die keurders van veral *Enklaves van die lig* (sien Kannemeyer, 2008), word Blum se nuutgemunte woorde deurgaans neologismes genoem (sien ook Odendaal, 1993) met voorbeelde wat hierdie benoeming kursories moet verklaar. Odendaal (1965:3) is vroeg reeds katvoet om al die woorde sonder meer neologismes te noem, en hy gebruik eerder die frase “neologistic forms” aangesien Blum heelwat woorde skep wat ongewone (Afrikaanse) woordvormingstrategieë volg. Die eerste doelwit van hierdie studie is om te bepaal watter soort woordskeppings Blum gemaak het. Die tweede doelwit is om na te gaan watter soort inligting die navorser moet oorweeg om woorde te verklaar waarvan die betekenis nie onmiddellik duidelik is nie, en om dan uiteindelik (in die derde plek) te kan waarneem watter woordvorme die algemeenste voorkom. Die navolgenswaardigheid van hierdie voorneme spruit uit die feit dat Blum nie slegs bekend is vir sy speelse omvorming van die Afrikaanse taal nie, maar veral binne die destydse tydsgeslag oor die hals gehaal is en selfs geminaag is vir sy talle woordskeppings (sien Scholtz, 1981; Kannemeyer, 2008). Vandag word hy gesien 'n literêre voorouer van heelwat bekende digters soos onder meer Marlene Van Niekerk wat byvoorbeeld met haar digbundel *Kaar* (2013) weldeeglik met Blum se werk in intertekstuele gesprek tree (sien ook Richter en Pieterse, 2024: 669 vir wyses waarop Blum se speelsheid met taal ook geëggo word in die werk van Antjie Krog en Breyten Breytenbach).

2. Literatuuroorsig

Ten spyte van Blum se uitgebreide hoeveelheid woordskeppings in die bestek van 'n beperkte oeuvre wat boonop ewe dig gekondenseerd is in terme van inhoud en van die tematiek wat daarin aangespreek word (vergelyk byvoorbeeld hoe Odendaal, 1993:84, skryf dat Blum taal inspan as 'n manier om die “veelkantigheid en die teenstrydigheid” van “die werklikheid” self te probeer deurgrond), is studies omtrent hierdie skrywer eintlik karig.

Buiten meer omvattende (meestal taalkundige) studies oor woordvorming in Blum se werk, soos dié van Odendaal (1965), Walters (1972) en Richter (2020), bestaan daar ook die nodigheid vir studies wat 'n alliansie wil sien tussen taalkunde- en letterkundegeoriënteerde studies van die skrywer se digkuns, 'n saak wat tereg so deur beide Odendaal (2007:459) en Walters (1972:4) geïdentifiseer is. Die woord *alliansie* is in der waarheid 'n wanbenaming, want taalkundige

inhoud en letterkundige insigte is tog een aangeleentheid, en die wederkerige bydrae van elk is veronderstel om 'n verstekopsie te wees in kwalitatiewe studies wat tekste en skrywers bestudeer. Hierdie navorsers is dit eens dat nuwe woorde eintlik slegs binne 'n kontekstuele verband omskryf kan word, vandaar die oorbrugging tussen hierdie twee vakgebiede met betrekking tot Blum se werk. Dit is dus eers in oorleg met 'n letterkundige of literêre ontleding dat die beweerde neologisme tot sy reg kom, en in sommige gevalle – soos met Blum se werk – die woorde enigsins verstaanbaar word. Dieselfde geld natuurlik letterkundige ontledings wat tersaaklike taalkundige inligting buite rekening laat, want dit mag tot die verarming van afleidings en interpretasies lei. Nie slegs verarming nie, maar daar bestaan ook die wesenlike gevaar van blindelinge assosiasionisme, waartydens 'n persoonlike en idiosinkratiese sielkundige lesing van die digter aangebied word op grond van die uitinge van die spreker van 'n gedig – in stede van die volledig legitieme strategie van assosiasie (Walters, 1972:3-4; vergelyk ook Petik, 2016:17 vir hoe en waarom assosianisme nie meer invloedryk is nie en hoe die skakels wat tussen sake geskep word, maklik arbitrêr en relaterend kan wees). Assosianisme agiteer byvoorbeeld nie genoeg vir die uiters komplekse aard van menslike mentale konstruering en die inherente ruptuur wat bestaan tussen subjektiewe belewenis en objektiewe taksering nie, en vir die onus wat geplaas moet word op koherente, streng kontekstueelgebonde teoretiese modelle vir ontleding nie (vergelyk El Maouch, Jin, Zhao & Zhang, 2024: 433-439). Assosiasie is wel een onderdeel van ontleding wat 'n welbekende en produktiewe manier verteenwoordig om verbande raak te sien, maar in stede van die natrek van toevallige, ongemotiveerde verbande, hou assosiasie bloot in dat woorde of frases kontekstueel en in verhouding tot mekaar binne byvoorbeeld 'n sin wat oor 'n paar gedigreëls strek, gelees word en dat spesifiek die *gebruik* daarvan in die sin nagegaan word (Robins in Walters, 1972:3-4; sien ook Lyons, 1968; Wittgenstein, 1989).

Buiten enkele woorde wat vergesel is van verklarings in *Briewe van Peter Blum* (2008) en die taalkundige taksering van “neologistic forms” deur Odendal (1965:3) is nog geen volledige woordelys opgestel van al die betekenisondeursigtige woorde in die skryfwerk van Peter Blum nie. Hierdie gaping van die afwesigheid van woordverklarings vir Blum se nuutgeskepte woorde is geïdentifiseer deur Jean Meiring – 'n voornemende biograaf van Blum – en hierdie artikel het sy grondbestaan as opdragwerk om hierdie leemte te vul. Verder berus die rasionaal vir die onderneem en die ontwerp van hierdie studie op die feit dat daar betreklik min navorsing in Afrikaans oor Blum se taalspel bestaan, en dat die opstel van 'n woordelys in die vorm van 'n toeganklike naslaanbron verdere en veral meer *indringende* navorsing wil help stimuleer. Laastens wil hierdie studie die moontlikheid opper dat navorsing wat die bloudruk van die opstel en afwerking van 'n glossarium volg, moontlik kan help om die problematiek van betekenisondeursigtige woorde in letterkundige skryfwerk aan te spreek.

Geen ander studies kon opgespoor word wat spesifiek digters se neologismes beskryf in die vorm van oeuvre-glossaria nie, hoewel akademici soos Luzzi (2010) byvoorbeeld 'n seleksie van Dante Alighieri se nuutskappings nagegaan het vir hulle referensialiteit en

metaforiek. Southard (1982:23-30) verskaf 'n glossarium van terme waarmee aanhangers van wetenskapsfiksie bekend is en mee kommunikeer; die leksikale items van die glossarium is egter streng afgebaken tot 'n aantal wetenskapsfiksieaanhanger-tydskrifte (sogenaamde *fanzines*) uit die 1970's. Kitzlerová (2022:4) bestudeer weer die metonimiese aard van die Russiese skrywer Vladimir Mayakovsky se neologismes, en sy beklemtoon – op grond van die insigte van Petrovsky (1925) – hoe Mayakovsky spesifiek daarin slaag om digte, gekondenseerde neologismes te skep, terwyl Alfano (2025:13) met die ontleding van 'n seleksie van gedigte deur William Barnes die waarneming maak dat neologismes effektief die leser dwing om te talm wanneer daar gelees word; in Barnes se geval ontplooi hy dialektiese neologismes wat terselfdertyd ook heelwat ouer woordvorme van Engels gebruik.

Met verloop van tyd het dit met hierdie ondersoek duidelik geword dat Blum se skryfwerk heelwat geleentheidskeppings bevat – waarvan die betekenis nie onmiddellik duidelik is nie, maar wat vir hulle verklaring hoogs afhanklik is van die konteks waarbinne hulle gebruik word. Nuutskeppings en geleentheidskeppings word beskou as “taalinterne” prosesse (Bosman, 2013:146). Verder is opgemerk dat Blum besonder ruim geleen het van ander tale; dit is bekend dat hy Duits as moedertaal gehad het, maar vroeg reeds bekend was met Latyn en ander Europese tale en boonop wyd belese was (Kannemeyer, 2008:11-13). “Leenvertalings” en “leenwoorde” staan bekend as “taaleksterne” prosesse: gewoon woorde wat oorgeneem is vanuit ander tale (Lipka, 1990: 92-93). Soms is so 'n ontlening direk – waartydens die woord se oorspronklike spelling behou word, of die ontlening word bloot vermag word deur middel van oorklanking. Blum vertoon in sy skryfwerk veral 'n geneentheid tot laasgenoemde.

Laastens is waargeneem dat heelwat woorde slegs verklaar kon word met behulp van etimologie – wat toegegee, per slot van rekening tog altyd ter sprake is – maar dikwels was selfs hierdie werkswyse 'n raaiskoot ten opsigte van watter taal die bron van die skepping kon wees. Verder is hierdie strategie gevolg as 'n manier om 'n waarskynlike omskrywing van die woord te vind alvorens en/of in oorleg met die betekenisomgewing van die sin waarbinne die woord verskyn, sowel as in samehang met wat van die gediggeheel verstaan kon word. Die slot van hierdie artikel bevat meer uitvoerige afleidings.

3. Teoretiese begronding

Die taalkundige terrein van die leksikologie ondersoek en beskryf die leksikon of die woordeskat van 'n taal (Bosman, 2013:137; Lipka, 1990:1,5). Die onderlinge struktuur van die woorde en hoe die elemente van die woord saamspan, is van besondere belang, want die idee is om deur te dring na die betekenis en die gebruik van die woord (Lipka, 1990:1). Die leksikologie as teoretiese vertrekpunt is veral nuttig omdat dit die navorser die ruimte gun om 'n data-analise van 'n gegewe korpus woorde te doen wat *beide* die interne- en die eksterne woordvormingsprosesse in 'n taal oorweeg (Bosman, 2013:146, my kursivering). Interne prosesse sluit byvoorbeeld morfologiese prosesse by die skep van nuwe woorde

in, terwyl eksterne prosesse betrekking kan hê op vertaling (Bosman, 2013:137,146; Lipka, 1990:92-94). In laasgenoemde geval word leenwoorde en leenvertalings geskep op grond van hulle oornam uit 'n ander taal (Bosman, 2013:137-138). Hierdie versameling prosesse staan bekend as leksikaliseringprosesse – 'n sentrale begrip binne die leksikologie – en verduidelik daardie meganismes waardeur die woordeskat van 'n taal op 'n produktiewe en kreatiewe proses uitgebrei kan word (Bosman, 2013:138).

Die vorming van nuwe woorde in die mentale leksikon staan bekend as leksikogenese, en neologismevorming (waarmee bedoel word die skep van 'n geheel en al nuwe leksikale item vir 'n nuwe idee of konsep in die buitewêreld, sien ook afdeling 2.1) is 'n onderdeel hiervan (Frazier, 2024:202); ander prosesse wat deel vorm van leksikogenese sluit onder meer woordvormingstrategieë soos volksetimologie, ontlening, en samesmelting of portmanteau-woorde in (Grondelaers, Speelman, Geeraerts, 2007: 995). 'n Nuutgeskepte woord word eers geïnstitusioneel en erken wanneer die gebruik daarvan in die taalgemeenskap redelik frekvent is en nadat die ondersoekende leksikograaf dit opneem in die woordeboek – wat daarop neerkom dat die woord migreer vanaf die informele register na die formele register van die taal (vergelyk Gouws, 2016:362-363; *Wildewoordeboek*, 1997).

Die doel van hierdie artikel is nie om te verpoos by die nuanse van die debat tussen leksikologie en die leksikografiepraktyk nie, want hiervoor kan skolastici soos Geeraerts (2007: 1160-1174) en Frazier (2024:149-152) met vrug geraadpleeg word. Vir die doeleindes van hierdie artikel is dit belangrik om te weet dat nuutskappings in 'n taal dikwels 'n rakleefyd het omdat dit geskep kan word binne die konteks van 'n vinnig veranderende sosiokulturele milieu of wanneer tegnologiese uitvindings die noodsaaklikheid skep vir nuwe beskrywende woorde (vergelyk Gouws, 2016:362-363; Casañ-Pitarch, 2023). Sommige nuutskappings word later gevestigde en erkende leksikale items van die gegewe taal en kwalifiseer dan tegnies nie meer as nuwe woorde nie, terwyl ander nuutgeskepte woorde later verdwyn uit die omgangstaal omdat die gebruik daarvan te beperk was in terme van die tydsgeslag waarin dit gebruik is (Nichols & Lawyer, 2021:58).

Ter wille van eenvoud, en in navolging van die strukturele semantikus John Lyons (1977:549), word hier klem geplaas op die onderskeid tussen produktiewe- en kreatiewe taalgebruik. Eersgenoemde verwys na die reëlgebonde karaktereienskap van 'n gegewe taalsisteem, terwyl laasgenoemde verwys na die “onvoorspelbare maar gemotiveerde innoverende skeppings deur taalgebruikers, deur byvoorbeeld metaforiese prosesse wat in wese nie reëlgebonde is nie” (Bosman, 2013:138; Lyons, 1977:549). Laastens is die terrein van die leksikologie nuttig omdat dit selfs ook die insluiting van etimologiese inligting rondom spesifieke woorde bemiddel; op hierdie manier mag 'n navorser dus beide sinchronies as diachronies kyk na die woordeskat van 'n taal of die data-stel van 'n gegewe korpus (Bosman, 2013:138; Lyons, 1977:95-97).

Die aanwending van die leksikologie as teoretiese begronding vir die saamstel van die glossarium is ongewoon in dié opsig dat die korpus – die oeuvre van ’n skrywer – nie gewoonlik gebruik word in leksikologiese ontleding nie, en verder is daar nie staatgemaak op statistiese, rekenaargesteurde programme om die data te versamel of te ontleed soos wat dikwels die geval is met tradisionele korpuslinguistieke benaderings nie. Voordat meer uitgebrei word op die spesifieke werkswyse tydens die saamstel van die glossarium, word ’n paar belangrike begrippe eers gedefinieer.

3.1 Omskrywing van belangrike begrippe

’n Neologisme (ook genoem nuutskepping) is ’n nuwe woord wat binne taal geskep is; dit kan ook ’n nuwe vorm, betekenis of gebruik van ’n bestaande woord in die taal behels (*Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal*, 2005:837). Kortom gestel is nuutskepping die proses waardeur ’n nuwe woord vir ’n nuwe begrip binne taal geskep word (Van Niekerk en Jenkinson, 2004:182; Frazier, 2024:202). Soms ontstaan daar byvoorbeeld die behoefte aan ’n nuwe woord omdat ’n nuwe begrip in die buitetalige wêreld op ’n sekere tydstip te voorskyn kom, waarna ’n woord daarvoor geskep is (Van Niekerk en Jenkinson, 2004:187). Verder kan daar onderskei word tussen neologismes en geleentheidskeppings. ’n Geleentheidskepping se betekenis is gewoonlik meerduidig; sekere taalreëls is dalk aangepas om ’n nuwe vorm van ’n woord uit te dink of om ’n bestaande woord met ’n nuwe betekenis toe te ken (Van Niekerk en Jenkinson, 2004:187). Die betekenis van neologismes is iets wat aangeleer is sodra die woord geïnstitusionaliseer word – byvoorbeeld met opname in ’n woordeboek. Daarteenoor is die korrekte en mees volledige interpretasie van geleentheidskeppinge uiters afhanklik van die talige konteks en die milieu waarbinne die woord geskep is (Carstens, 1990:100-101; Van Niekerk en Jenkinson, 2004:182). Sonder die konteks sou dit dus moeilik wees om die (argumentsonthelwe) “bedoelde” betekenis van die woord te snap. Derdens bied neologismes etlike “leksikaliseringsmoontlikhede” en kan die woord maklik deel word van die woordeskat (Van Niekerk en Jenkinson, 2004:187). Een voorbeeld van ’n woordvormingsproses is die vernaamwoordeliking (nominalisering) van sinsdele: die woord “loopgeselser” is byvoorbeeld afgelei van “iemand wat *loop* en *gese/s*” (Van Niekerk en Jenkinson, 2004:180). Aan die ander kant word geleentheidskeppings selde in woordeboeke opgeneem as ’n erkende woord in die woordeskat van die taal; daar moet ’n groter mate van konsensus tussen taalgebruikers op ’n gegewe tydstip wees aangaande die vorm van die woord, die betekenis daarvan en die spesifieke saak waarna die woord verwys voordat opname in die woordeskat moontlik word (Van Niekerk en Jenkinson, 2004:187). Vierdens word neologismes breedweg geassosieer met die *produktiwiteit* van taal, terwyl geleentheidskeppings veral die *kreatiwiteit* van taal weerspieël (Van Niekerk en Jenkinson, 2004:176). Hiermee word bedoel dat enige taal die vermoë besit om deur middel van woordvormingsprosesse uitgebrei te kan word; neologismes

is meer reëlgehoorsaam: die woord se skeppingsproses wyk nie af van die voorgeskrewe reëls vir woordboupatrone nie en daar bestaan 'n erkende en voorspelbare verhouding tussen die woord en sy vorm, die betekenis wat daaraan gekoppel is en die spesifieke saak waarna dit binne buitetalige wêreld verwys (Van Niekerk en Jenkinson, 2004:187). Dit is 'n produktiewe wyse om taal uit te brei. Wanneer ons verwys na die *kreatiewe* gebruik van taal kan ons dit omskryf as “die vermoë van die moedertaalspreker om die taalsisteem op 'n gemotiveerde, maar onvoorspelbare, reëlwysigende manier uit te brei” (Van Niekerk & Jenkinson, 2004:176). Geleentheidskeppings ressorteer gewoonlik onder bogenoemde soorte woorde omdat hulle die gewone reëls van taal as't ware buig en wysig om nuwe woorde te skep (Van Niekerk & Jenkinson, 2004:187).

Die oënskynlike skeiding tussen neologismes en geleentheidskeppings is egter allermens absoluut, en die problematiek van die skeiding vlek die voorafvermelde debat wat bestaan tussen die teorie van leksikologie en die leksikografiepraktyk oop. Nuwe woorde in taal bestaan hoofsaaklik op 'n kontinuum: Hoe meer bekend 'n neologisme word, hoe makliker word dit vir daardie woord om in woordeboeke opgeneem of “geïnstitusioneel” te word om sodoende 'n gevestigde en erkende woord in die woordeskat van die betrokke taal te word (Van Niekerk & Jenkinson, 2004:177; vergelyk Nichols & Lawyer, 2021:58 asook Frazier, 2024: 149-152). Dit kan ook gebeur dat geleentheidskeppings met gereelde gebruik later erkende nuutskappings in die taal word, soos byvoorbeeld die woord “liefdesbaba” (Van Niekerk & Jenkinson, 2004:182; sien). In plaas daarvan om 'n skeiding te maak tussen geleentheidskeppings en nuutskappings, stel Frazier (2024:151-152) op grond van studies deur Anesa (2019:41) en Epstein (2011:23-24) eerder 'n klassifikasie-skema op van die verskillende ontwikkelingsstadia van 'n neologisme.

4. Metode

Die eerste stap in die opstel van die glossarium was 'n eenvoudige data-insamelingsproses: Blum se poësie en sy briefversameling is deurgelees waartydens betekenissondeursigtige woorde onderstreep en op 'n aparte dokument neergeskryf is. Die tweede stap was die opspoor van 'n teoretiese raamwerk wat moes help verhelder hoe en waarom tersaaklike inligting oor 'n betrokke woord ingesluit is, want die doelwit van die omskrywings van die woorde is om so bes moontlik verantwoording te doen vir die betekenis-skakerings van die woorde. Beknoptheid van omskrywing was dus die wagwoord, maar ook volledigheid, en laasgenoemde vir so ver as wat dit moontlik was, want die volwaardig konteksgebonde stiplees van elke betrokke woord binne elke betrokke gedig sou telkens in eie reg kon ontaard in 'n opstel. Verder is dit byvoorbeeld bekend dat Blum se moedertaal Duits was, maar dat hy ook kennis (en moontlik beheersing) van verskeie ander Europese tale gehad het, en daarom sou sake soos leenvertaling en etimologie nie buite rekening gelaat kon word nie. Gevolglik het 'n leksikologiese analise aangemeld: Hierdie raamwerk vereis die insluiting

van nie slegs woorde wat nuut geskep is op grond van ontlening en etimologiese afleiding nie, maar bemiddel ook die byreken van morfologiese eenhede. Met laasgenoemde word bedoel afleidings, samestellings en samestellende afleidings. Hierdie strategie vergroot egter die databasis van ingesamelde woorde aansienlik, en daarom was die tweede stap om data-insameling betreklik streng af te baken. Gegewe die uitkoms van woordomskrywing, is daar toe besluit om data-insameling meestal te beperk tot *betekenisondeursigtige* woorde – ongeag van die feit dat 'n gegewe woord byvoorbeeld as leenvertaling, etimologiese afleiding, morfosemantiese neologisme, ensovoorts gekategoriseer kan word. 'n Uitsondering in terme van betekenisdeursigtigheid is egter aangegaan betreffende Engelse leenvertalings, hieroor word binnekort uitgebrei.

Woorde wat dus met die uitvoer van stap twee uitgelaat is, is byvoorbeeld die volgende woordelys uit *Enklaves van die lig*: Hierdie woorde lyk op die oppervlak neologisties (sien Odendaal, 1993; Scholtz, 1981:7) en sou normaalweg by 'n leksikologiese data-analise ingesluit moes wees (sien Bosman, 2013:137), maar die betekenis van die woorde is betreklik deursigtig. Die rede hiervoor is bloot omdat Blum byvoorbeeld hordes samestellings geskep het (vergelyk *graanboubesige* in *Steenbok tot Poolsee* (12) en *wentelwoeste* uit *Enklaves van die lig* (50); sien ook Odendaal, 1965:8 vir 'n uitvoerige lys hieromtrent) en besonder ruim gebruik gemaak het van morfeme om negativeringstipes daar te stel (vergelyk woorde soos *onverhoor* en *onbang* uit *Enklaves van die lig* (12; 40). Benewens die feit dat onderstaande lys nie wil voordoene om volledig te wees nie, moet hier ook net genoem word dat soortgelyke neologistiese tipes weldeeglik ook in *Steenbok tot Poolsee* en *Briewe van Peter Blum* voorkom. Heelwat van die onderstaande woorde is waardige navorsingsonderwerpe in eie reg, want dit is merkbaar hoe sintuiglik, beeldend en metafories geskakeerd Blum die taal inspan: Hy vermag 'n gekondenseerde, konkrete vorm van uitdrukking in die bestek van een woord wat eintlik omgeskakel is vanuit 'n frase of frases oor meer as een entiteit of gebeurtenis, soos wat die geval is “hoopgebron” en “stremterg” (Blum, 1958: 21,12). Die gedig “Rooinekke op Hermanus” in *Steenbok tot Poolsee* (1955:11) is eweneens 'n klare voorbeeld van gedronge, sintuiglike beskrywings soos “walvis-deurwoelde” en “aarde-agterhaalde”.

Oorgedienstig (12): Om te gewillig of geneë te wees tot onderdanigheid of die uitvoer van take.

Onverhoor (12): Om nie iemand die kans te gun om sigself te verdedig teen 'n aanklag of beskuldiging nie en dus summier te straf – vergelyk *kan ek hom onverhoor gooi in verskeie smoorkussings*.

Stremterg (12): 'n Samestelling wat heel aweregs in terme van saamgevoegde betekenis daarvan uitsien en wat ongewoon voorkom in terme van die bepaler in die konstruksie: *-terg* beteken spot of om uit te lok, terwyl *strem-* deur die *HAT* (2005:1128) twee betekenisonderskeide het, te wete om te verdik of te verstyf (letterlik), en om iets tot stilstand te dwing of te belemmer

(figuurlik). Tergstrem sou miskien 'n meer natuurlike of meer verwagte konstruksie kon wees; met *strem-* as die bepaler van die samestelling, wil dit voorkom asof hier bedoel word om iets te terg – as't ware dreig – met die moontlikheid dat die objek tot stilstand gedwing sal word. Blum (1958:12) skryf in die gedig klaarblyklik oor 'n tikkende wekker, en hy span die woord soos 'n werkwoord in: “*as hy die draende swyfel tussen ons stremterg met sy saail aanmaning van verloop*”.

Hoopgebron (21): 'n Verlede deelwoord gevorm uit twee substantiewe (*hoop* en *bron*) wat volgens Walters (1972:18) elkeen hulle substantiwiese funksie behou, maar dit is interessant om te let op hoe die woord werkwoordelik optree en hoe die betekenis van die woord op beide van sy samestellende dele staatmaak; Walters (1972:13-20) gee byvoorbeeld 'n uiters heg opgeboude stiplees-ontleding van die gedig “Man wat mal word” en bevind dat “hoopgebron” wil sê “het die antwoord uiteindelik in duidelike en duiseligwekkende taal, eindelijk 'n bron van hoop en lig geword.” (Walters, 1972:18).

Drong (21): Verkorte afleiding vanuit *gedronge*; bondig.

Juble (21): Walters (1972:20) wys daarop dat die sinsposisie van hierdie woord die leser 'n naamwoord laat verwag. *Julle* word seker die geredelikste opgeroep, maar Walters (1972:20) is van mening dat die woord *jubel* (om te juig) en *jubileum* (fees, juiging) ook deel van die konstruksie kon wees. Walters (1972:20) maak hierdie afleiding op grond van 'n stiplees van die strofe waarin hy aflees dat die magie van een gedronge woord alle verwarring moet kan verdryf, dit dringend verkondig moet word omdat dit tot vrymaking en verlossing kan lei.

Wekte (25): Moontlik 'n direkte ontleding uit Nederlands – as subjunktief van *wekken* (om iets of iemand te laat ontwaak) (*Van Dale Handwoordenboek der Nederlandsche Taal*, 1925:966).

Kamerling (25): Een persoon wat in 'n kamer woon.

Arresterde (28): Verkorte vorm van iemand wat gearresteer is.

Gebeurde (39): Verkorte manier om te sê *wat reeds gebeur het*.

Noemlike (39): Binne sinsverband – *soos dié ombeeldbare maar nouliks noemlike/ in die toekoms blusbaar en tog roemlike/ gebeurde jaar* – wil dit voorkom dat die woord *noembare* (dit wat werd sal wees om te vermeld) bloot aangepas is om die rymskema te volhou en alliterasie met *nouliks* te bewerkstellig.

Onbang (40): Om nie bang te wees nie.

Ontaasde (40) Dit wat ontnem is van aas.

Ontmelodie (41): Dit wat ontnem is van 'n melodie.

Opgekosbaar (44): In sinsverband – *Elke derde plaas/ herdenk 'n slagveld, opgekosbaar deur sy baas* – blyk moontlik te wil sê opgegee (in die betekenis van aanmeld) as kosbaar.

Bestér (44): Om beneem te wees van sterre of kolle wat blink.

Heemlikheid (44) – afleiding van *heem* (ook *heim*) uit Nederlands, plaaswoning. In die *WAT* (s.j.) word *heem* beskryf as 'n plaaswoning wat omhein, ingeslote is. Waarskynlik analogies gevorm na aanleiding van *huislikheid*, maar wat dit wou spesifiseer as 'n plaaswoning.

Ongastelik (47): Om nie gasvry te wees nie, vanaf die Duitse woord *ungastlich* (Odendal, 1965:11).

Bewening (48): Oorganklike gebruik van die werkwoord *ween* (onbedaarlik huil).

Vaakte (48): Moontlik bloot 'n vervorming van *vaakheid*, hoewel die regverdiging hiervoor nie duidelik is nie, en geen leenvertaling betrokke blyk te wees nie. Odendal (1965:26) berus by die antwoord dat *-te* redelik gebruiklik is onder digters wat dit aanwend om 'n abstrakte [gevoelswaarde] aan te dui, waarby woorde soos *winterguurte* uit *Steenbok tot Poolsee* (14) *gryste*, en *geilte* uit *Enklaves van die lig* (57; 75) dus ook ingereken kan word. Ook die woord *versmagte* uit *Enklaves van die lig* (65) sou hier hoort.

Belewe (48): In sinsverband word die woord as volg gebruik: *Skel op die vlak van my oog, soos voëls in hul suidwaarste trek die/ Blande, blanko gelaat van 'n meer belewe en beveelvuld*. Dit blyk dat *belewe* sinspeel op *lewe*, dalk selfs *belewenis*, dus as naamwoord, maar sintakties word dit adjektiewies, byna werkwoordelik, ingespan as die samehang met *meer* oorweeg word. Hierdie *meer* verwys moontlik na 'n opdamming van water, wat die idee sou ondersteun dat *belewe* en *beveelvuld* soos adjektiewe ná die naamwoord *meer* geskryf word, om te sinspeel op hoe die meer vol lewe (byvoorbeeld vislewe) is, maar terselfdertyd lank reeds die omwenteling van die omgewing se seisoene *belewe* het.

Ontskede (50): Om 'n objek soos 'n mes of 'n swaard uit sy skede te haal.

Omtralie (51): 'n Plek afgeskort deur tralies.

Bruinlik (52): Gewoonlik dui *-lik* op gradering, meestal in die sin van intensivering (hoewel die graadfaktor nie altyd maklik bepaalbaar is nie) wanneer dit saam met byvoeglike naamwoorde gebruik word, maar die kombinasie met byvoeglike naamwoorde wat op kleur dui, is nie bekend in Afrikaans nie (Kempen in Odendal, 1965:26). Verder kom dit nie voor dat hier 'n intensivering van *bruin* bedoel word nie, dalk eerder die teenoorgestelde (Odendal, 1965:26). Daarom lyk dit asof Duitse woord *bräunlich* (bruinerig) as basis vir die vorming gebruik is (Odendal, 1965:26).

Bekommenteer (55): Die verwagte en bestaande woordvorm is *bekommentarieer*, so moontlik is hierdie slegs 'n verkorte vorm in dieselfde betekenis as die Engelse *comment*, die Nederlandse *commenteren* of die Franse *commenter* (Odendal, 1965:13).

Begaper (55): Miskien 'n vernaamwoordeliking van *aangaap* as 'n manier om iemand op 'n ironies spottende, effe bytende manier te etiketteer. Vergelyk '*Wat – geen reisverhaal vanaand? Is die begaper blasé alreeds*.'

Buurtling (57): Enkele lid van 'n buurt.

Luidlose (62): Sonder harde geluid. Odendal (1965:33) beskou die woord as 'n verkorting van *geluidloos*.

Pelgrimasies (68): 'n Oënskynlike sametrekking tussen *pelgrim* (iemand wat 'n geloofsreis onderneem na 'n heilige plek) en 'n leenvertaling uit die Engelse *peregrinations*; laasgenoemde veronderstel 'n rondreising, veral te voet (*Merriam-Webster Dictionary*, s.j.).

Bruiklike (70): Waarskynlik bloot 'n verkorting van *gebruiklike* (dinge wat met gewoonte gedoen word).

Troostelike (76): Soortgelyk aan woorde soos *bruinlik* uit *Enklaves van die lig* (52) en *brandelik* uit *Steenbok tot Poolsee* (11) is daar die versigtige bewering dat dié woorde veronderstel is om gradering in terme van die simpleks met *-lik* moet aandui (Kempin in Odendal, 1965:11).

Stedebevorderende (78): 'n Krag/persoon wat stede uitbou/opbou.

Tydens die data-insamelingsproses is waargeneem dat Blum besonder ruim gebruik gemaak het van leenvertaling, en dan veral waar Engels ter sprake was, sodat in daardie geval die woorde eintlik onmiddellik betekenisdeursigtig is. Hierdie woorde sou in baie gevalle nie suiwer vanaf die Engelse substraat voed nie (behalwe vir onder meer woorde soos "allusie" "derisories", en "disultories"), maar in sommige gevalle duideliker spore van hulle Latynse oorsprong dra ('n taal waarmee Blum welbekend was) soos in die geval van "dissimilia"; ander kere is leenvertalings gekombineer met Afrikaanse woorde soos in die geval van "ekskrementele" (Blum, 2008: 295, 314, 154, 207). Ter wille van konsekwentheid, en ter wille van die vergemakliking van die insamelingsproses, is hulle daarom almal in die glossarium ingesluit. Laastens, te danke aan die onderskeid tussen nuutskappings en geleentheidskappings, en na aanleiding van die oproepe uit die literatuur vir samewerking tussen die taalkundige verklarings van woorde in hulle literêre kontekste, is alle woorde binne die konteks van gedigreëls, strofes en gediggehele gelees om uit te pluus hoe waarskynlik 'n omskrywing van 'n woord daarvan sou uitsien en aanpassings is dienooreenkomstig gemaak. Daarmee wil hoegenaamd nie gesê word onderstaande omskrywings is finaal nie, want die deeglike ontleding van hoe enkele woorde (met wat ons reeds van hulle kan weet) in die konteks van gediggehele optree, regverdig navorsing in eie reg.

5. Glossarium

Suiwer ter wille van die leesbaarheid van die onderstaande woordverklarings is besluit om nie deurgaans die in-teks-verwysings van geraadpleegde woordeboeke by te werk nie, aangesien dit dikwels die geval was dat etlike woordeboeke se sinergistiese bydraes moes meewerk aan hoogstens een of twee sinne van omskrywing. Selfs waar slegs een woordeboek gebruik is (dikwels vanselfsprekend so, byvoorbeeld wanneer 'n Duitse woord verklaar word),

veroorzaak die verwysingsmetode dat woordeboeke se volledige titels aangegee word met die opsie om dit in latere verwysings te verkort, maar selfs hierdie werkswyse sal tot leesversperring in sommige inskrywings in die woordelys lei. Waar definisies direk of te naby geparafraseer tot die woordeboek voorkom, of waar die insigte van ander navorsers moes meewerk aan 'n definisie, is die verwysings uiteraard so bes moontlik bygehou. Die lys van geraadpleegde woordeboeke is soos volg:

Afrikaanse Etimologieë. 1967. 1ste uitgawe. Pretoria: Die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns.

Cassell's Latin Dictionary: Latin-English and English-Latin. 1935. 20ste uitgawe. Londen: Cassell.

Franck's Etymologisch Woordenboek der Nederlandsche taal. 1979. 1ste uitgawe. 's-Gravenhage: Martinus Nijhoff.

HAT: Handwoordeboek van die Afrikaanse taal. 2005. 6de uitgawe. Kaapstad: Pearson Holdings (Edms) Bpk.

Merriam-Webster Dictionary. S.j. <https://www.merriam-webster.com/> (Datum van gebruik 20 Januarie 2023).

The Oxford Dictionary of Islam. 2003. 1ste uitgawe. Oxford: Oxford University Press.

The Oxford German Dictionary. 1990. 3de uitgawe. Oxford: Oxford University Press.

Van Dale Etymologisch Woordenboek: de herkomst van onze woorden. 1997. Utrecht/ Antwerpen: Van Dale Lexicografie.

Van Dale Nieuw Handwoordenboek der Nederlandse Taal. 1973. 12de uitgawe. 's-Gravenhage: Martinus Nijhoff.

Van der Merwe, H. J. J. M. 1971. *Vroeë Afrikaanse Woordelyste*. Pretoria: J.L. van Schaik.

Verdam Middelnederlandsch Handwoordenboek. 1979. s'Gravenhage: Nijhoff.

Woordeboek van Afrikaans Vandag. S.j. <https://afrikaans-vandag.co.za/> (Datum van gebruik 20 Januarie 2023).

Woordeboek van die Afrikaanse Taal. S.j. <https://www.woordeboek-co-za.ez.sun.ac.za/> (Datum van gebruik 20 Januarie 2023).

AANGEMONSTER hierdie woord kan moontlik 'n samevoeging van *aangemaan/aangemoedig* (vermaan, raad gee) en *gemonster* (proefsteek, klein deel om 'n idee van die geheel van iets te bekom) wees. Blum gebruik hierdie woord in 'n brief aan D.J. Opperman toe hy hom meedeel dat hy genooi is vir 'n onderhoud of dat hy moontlik reeds aanvaar is vir 'n proeftydperk vir die pos van "streekbibliotekaris in die Vrystaat", en op grond waarvan hy die gedig "Bolander in die binneland" (*Enklaves van die lig*, 44) geskryf het. Die ponering van die *aangemaan/aangemoedig*-deel spruit uit die feit dat Blum die vooruitsig van die pos beskou as effe van 'n vonnis, want hy skryf "[e]k is bang vir verburgerliking" en hy beskou die vergoeding as "te veel vir 'n bohémien, te min vir 'n heer van **lavei**." Sien ook die inskrywing **lavei**.

uit: *Briewe van Peter Blum* (76)

ABSTIMIEUS leenvertaling van die Latynse woord *abstemius*; sowel as "*abstineer*", om "onthoudend" te wees (Kannemeyer, 2008:152, my kursivering).

uit: *Briewe van Peter Blum* (152)

ADDIKTIEF leenvertaling van die Engelse woord *addictive*; verslawend. Afgelei van die Latynse *addictus* wat onder meer gebruik is om te verwys na 'n skuldenaar wat oorgegee is aan (en dus die eiendom is van) sy skuldeiser, gewoonlik as slaaf.

uit: *Briewe van Peter Blum* (322)

AFGAWES volgens Blum (2008:169) 'n ironiese toespeling op die Afrikaanse idioom 'om 'n kind af te gee' sowel as dat dit betrekking het op die Duitse woord *Agaben* (belasting).

uit: *Enklaves van die lig* (51); *Briewe van Peter Blum* (169)

AFGEDEERDE Kannemeyer (2008:85) beskou hierdie woord as 'n Blum-neologisme wat beteken "benadeelde, seergemaakte".

uit: *Briewe van Peter Blum* (85)

AFTERLOGIK 'n samestelling tussen die Engelse woord *after* en die Afrikaanse *logika* (Kannemeyer, 2008:177). Blum gebruik die woord na aanleiding van die uitgewer A.A. Balkema wat *Enklaves van die lig* uitgegee het teen 'n hoër as *verwagte drukkoste vir wat volgens Blum 'n omslag van "tweedehandse" kwaliteit sou wees*; oor hierdie situasie, veral gesien in die lig daarvan dat N.B.B. Uitgewers (soos dit toe bekendgestaan het) *Enklaves van die lig* vir publikasie afgekeur het, het Blum (in Kannemeyer, 2008:177) "baie gebelg" gelaat. Balkema se verweer was dat 'n herdruk nog duurder sou wees (Blum in Kannemeyer, 2008:177). *Afterlogik*, ten minste vir hoe Blum dit moontlik bedoel het, wil dus iets beteken soos 'n *vorm van logika wat ongunstig ontvang word nadat 'n saak beter daarvan kon uitgesien het*.

uit: *Briewe van Peter Blum* (177)

AFRODIGTERKENS benewens die feit dat Blum in hierdie brief verwys na die Afrikaanse digterskuns maak hy ook 'n klankmatige toespeling tussen *-kuns* en *kens* (ook *kêns*): laasgenoemde word onder meer deur die WAT (s.j.) omskryf as 'n manier om platweg te verwys na iemand van "ongunstiger waarde" sowel as iemand wat, uit vrees of onwilligheid om te verloor, nie deelname waag nie. Die woord roep ook die Nederlandse verkleining *kindekens* op, en word waarskynlik minagtend deur Blum ingespan asof om te sê dat die klompie oormoedige digtertjies uit Afrika eintlik pretensieus is. Vandaar dan dat die *Afro*-voegsel gebruik word, omdat dit gewoonlik ingespan word om te verwys na afkoms uit Afrika, en nie net spesifiek Afrikaans nie.

uit: *Briewe van Peter Blum* (318)

AKKIESDAM 'n speelse benaming vir *Amsterdam*; die stad was gedurende die 1960's en 1970's bekend vir sy bevuilde strate van honde-uitwerpsels (Kannemeyer, 2008:208); vandaar dan ook die klankmatige toespeling op die kindertaal-benaming vir menslike drek, naamlik *akkies*, ook *akka*.

uit: *Briewe van Peter Blum* (308)

AL-LIS Blum skep 'n neologisme wat oënskynlik gemodelleer is op die Afrikaanse woord *alles*. Dit is interessant om te let op die etlike betekenisonderskeidings wat hy aktiveer met behulp van die koppelteken tussen "al" (onder meer klein hoeveelheid/die heelal) en *lis* (sluheid). Mens

sou ook 'n argument kon voer dat hierdie woord gewoon saamgestel is uit 'n frase soos alle lis om sodoende te verwys na alle vorme van menslike sluide. Walters (1972:13) verduidelik dat ons met hierdie woord die sterk sensibilliteit van verbygane tyd, van dit wat reeds vas besluit is, met hierdie woord se omskrywing moet byreken, want die gedigreël lui dat *al-lis beslote is* Blum (1958:21). *Beslote* is dus eintlik ook 'n geleentheidskepping, en hierdie woord herinner boonop aan *geslote* wat onverstaanbaarheid of ten minste ontoeganklikheid impliseer. Dit is dus asof die spreker van hierdie gedig met een woord – en hoe dit skakel met ander woordkeuses in die onmiddellike omgewing van die strofe – wil sê dat alles wat listig en onverstaanbaar reeds so besluit is (Walters, 1972:13).

uit: *Enklaves van die lig* (21)

ALLUIN 'n versmelting van die Afrikaanse woorde *alleen* en *aluin*; laasgenoemde is afkomstig uit chemie, 'n “dubbelsout van aluminium- en kaliumsulfaat” wat gewoonlik gebruik word vir bloedstelping of om braking te behandel (WAT, s.j.). Walters (1972:15), in sy stiplees van die gedig “Man wat mal word” waarin hierdie woord voorkom, poneer die volgende omskrywing: “Saam met *kwik*, wat hier vanweë sy posisie in die sin as adjektief funksioneer, verkry *alluin* ook 'n addisionele adjektiewiese funksie, deurdat dit ook kan dui op die aard van die substantiewiese *haat*. Dus: *alleen of slegs 'n bitter (soos aluin) en swaar (soos kwik) haat*.”

uit: *Enklaves van die lig* (21)

ALLUSIE 'n leenvertaling vanaf die Engelse woord *allusion* – dit wat indirek of by implikasie afgelei moet word; dit wat eintlik na iets anders verwys en dan veral waar letterkunde ter sprake is.

uit: *Briewe van Peter Blum* (295)

AMIKABEL leenvertaling van die Engelse woord *amicable* (vriendelikheid, opregte ooreenstemming).

uit: *Briewe van Peter Blum* (140)

ANTARKTIEK Blum beskou hierdie woord as 'n handige kortvorm van *Antarktiese Oseaan*; waarskynlik dus 'n leenvertaling van die Engelse spreektaalvorm *Antarctic*.

uit: *Briewe van Peter Blum* (47)

APPELSEER Blum se speelse toespeling op die wetlike begrip *om appèl aan te teken* (om jou te beroep op 'n hoër hof) en die Afrikaanse woord *seer* as 'n manier om te impliseer dat die persoon wat dit doen moontlik in 'n gebelgde toestand verkeer.

uit: *Briewe van Peter Blum* (295)

ARKAAN leenvertaling van die Engelse *arcane*; obskuur, wat geheimhouding betref en waarvan slegs 'n handvol kennis dra.

uit: *Briewe van Peter Blum* (321)

ATTITUDERY leenvertaling van die Engelse woord *attitude*; houding, oortuiging, opvatting.

uit: *Briewe van Peter Blum* (126)

BASTEL 'n leenvertaling wat deel vorm van die Engelse naamwoordkonstruksie *bastel house* (ook *bastle house*) en verwys na 'n gefortifiseerde huis (gewoonlik op Engelse en Skotse grense) waarvan die vloer as kluis gebruik word. Die woord is ook 'n leenwoord van die Duitse *bastel*, en dit beteken om te kap, te beitel. Die inhoud van die gedig ("Kentang") waarin die woord voorkom, skyn beide betekenisse te kan aktiveer, siende heelwat verwante argitektoniese en geskiedkundige heenwysings opgesluit is in ander woorde soos *Gotehoofstad* en *Galla Placidia*. Laasgenoemde is byvoorbeeld met verwysing na die gelyknamige Romeinse keiserin wat in die jaar 410 binne 'n swaar gefortifiseerde paleiskompleks gewag het op wat toe beskou is as die einde van die [Romeinse] wêreld (Perrottet, 2023).

uit: *Enklaves van die lig* (16)

BEBABADE met verwysing na egpare met babas; Blum skep 'n neologisme volgens 'n normbehoudende patroon, te wete voorvoegsel+selfstandige naamwoord+agtervoegsel en na aanleiding van analogie – vergelyk 'n woord soos *behaarde*, *besnaarde*.

uit: *Briewe van Blum* (97)

BEDROGTE moontlik 'n versmelting van die Afrikaanse woorde *bedrog* (met opset mislei, veinsery, huigelary) en *gedrogte* (afgrypslikheid, wanstaltigheid). Blum (in Kannemeyer, 2008:325) gebruik die woord binne die konteks van sy kritiek jeens akademici wat Nederlands beskou as “'n verouderde model” van Afrikaans en wat dan voorgee “om 'n taal te doseer wat hul nie werklik beheers nie: dit was vir my nog steeds een van die groot Afrikaanse bedrogte.”

uit: *Briewe van Peter Blum* (325)

BEKORT Blum (in Kannemeyer, 2008:323) gebruik hierdie woord in die frase “stel jy net bekort” as 'n manier om klankmatig en semanties toe te speel op die *-lang* in *belangstel*; by implikasie bedoel hy dus die teenoorgestelde van belangstel.

uit: *Briewe van Peter Blum* (323)

BEKRITTEL Blum se neologisme vir die woord *kritiseer* (wat met opset kleinerend, bespotlik daarvan uitsien) (Kannemeyer, 2008:180). Vanuit Blum se heftige verdediging van sy neologismes kan mens kwalik sy irritasie miskyk, en daarom wil dit ook voorkom asof hy bedoel dat hierdie kritiek ongegrond is.

uit: *Briewe van Blum* (180)

BEKWYT Dit is onduidelik met presies watter woorde Blum hier 'n oënskynlike versmelting maak; moontlik 'n sinspeling op die Afrikaanse woord *kwytskeld* (vrystel, soos van 'n oortreding) tesame met 'n leenvertaling van die Engelse woord *requite* (terugbetaal, vergeld).

uit: *Enklaves van die lig* (59)

BENOME hoewel hierdie woord op die oog af kan lyk soos 'n attributiewe gebruik van die Afrikaanse woord *beneem* (gevol wees met, volledig geaffekteerd), bied Odendal (1965:11) die Duitse woord *benommen* aan, wat beteken om “verdoof, versuf, benewel” te wees.

uit: *Enklaves van die lig* (51)

BEREIKNIS Blum skep (argumentsonthalwe) 'n infinitiefvorm van die werkwoord bereik en 'n betekenisonderskeiding wat herinner aan reikafstand en/of reikwydte: 'n maksimum afstand waarby iets bereik kan word of in die betekenis van bestek, omvang. Die -nis kan bloot Blum se ongewone manier wees om 'n abstrakte selfstandige naamwoord te skep, of die woord erfenis kon deel vorm van die woordvorming. Laasgenoemde is waarskynlik in dié opsig dat hy met die gebruik van hierdie woord skryf aan J.J. Human, teenoor wie hy sy neologismes verdedig na *Enklaves van die lig* se manuskrip die eerste keer deur keurders afgekeur is. Verder is dit bekend dat Blum graag die nodige erkenning vir sy werk wou kry, met die onuitgesproke wens dat dit van literêre erfenis-gehalte moes wees.

uit: *Briewe van Blum* (169)

BESAAL analogievorming aan die hand van opsaal. Dit is interessant om te let hoe Blum se gebruik van die be-affiks klem plaas op die toedien van die aksie van opsaal, maar dan só dat dit is asof die party aan die ontvangkant betreklik magteloos blyk om weerstand te bied.

uit: *Briewe van Peter Blum* (130)

BEVEELVULD *beveelvuld* aktiveer heelwat woorde en betekenis: *veel* (baie), *veelvuldigheid* (van vis- of dierelewe), *vervuld* (om genoegdoening te put uit 'n saak wat beskou word as die vervulling van 'n belangrike lewensdoel), en *beveel* (opdrag); laasgenoemde roep op sy beurt die Bybelse interteks in Genesis op waartydens God die diere opdrag gegee het om te vermeerder.

uit: *Enklaves van die lig* (48, 63)

BEWELDIG moontlik 'n toespeling op beide “bewillig” (goedkeur, toestaan) en “geweld” om te sê: “keur met krag, met hewigheid goed”.

uit: *Briewe van Peter Blum* (241)

BEWOESPYN miskien is hierdie woord 'n neologistiese sametrekking van enkele frases wat min of meer kan beteken 'n woeste pyn waarvan daar bewustheid is, of 'n bewussyn gekenmerk aan 'n woeste pyn. Walters (1972:13) gee 'n soortgelyke ontleding en reken ook die woord verwoes by; daarom word die woorde 'n gedronge sametrekking van 'n verwoestende pyn waarvan die persoon bewus is.

uit: *Enklaves van die lig* (21)

BLANDE 'n leenvertaling van die Engelse woord bland; dit wat strelend, irritasieloos of onverstoorbaar is, ook kleurloos, identiteitsloos, neutraal.

uit: *Enklaves van die lig* (48)

BLANKERIE met behulp van leenvertaling maak Blum oënskynlik 'n toespeling op die Engelse blanket/blanketing om te verwys na die tafellaken of tafeldoek van damas wat in die gedig beskryf word In sinsverband lui die reël: "*Silwergerei, blankerie van damas, galerye van helde*"; damas is weefstof bestaande uit vlas, katoen, angorahaar en soortgelyke materiaal (WAT, s.j.). Die deftigheid van die tafel of die eetvertrek word dus vooropgestel.

uit: *Enklaves van die lig* (54)

BONG oënskynlik 'n klanknabootsende skepping vir beierende kerkklokke.

uit: *Enklaves van die lig* (56, 76)

BRANDELIK moontlik 'n versmelting van *brandend* (soos van byvoorbeeld begeerte) en *skandelik*. Dit is ook betekenisvol dat hierdie Blum-neologisme inspeel op *branders* (soos van die see), want in die gedig "Rooinekke op Hermanus" se laaste strofe word die *pensioentrekkers op ou roem*,/ beskryf as *hartstog-verleerde, wrok-onbegrypende/ sege-moeg, effens geaffronteerde/ see-afkykers, agterland-afgekeerders/ wat hoegenaamd niks nie brandelik begeer*." Die bewoners word dus eintlik as kortsigtig en moreel-oppervlakkig geskets, omdat hulle met die aanvang van die gedig *uitsig slegs oor die see* het – 'n oënskynlik onskadelike waarneming, maar wat in die lig van die tweede strofe dan as't ware 'n metaforiese betekenislaag bykry wat gesien moet word in die lig van die sosiopolitieke kommentaar wat die gedig aan die einde uitspreek.

uit: *Steenbok tot Poolsee* (11)

BREUKEL dit is betreklik duidelik dat Blum met hierdie nuutgeskepte afleiding die betekenisonderskeiding van *breek* (iets verwoes, stukkend maak) oproep; verder verskyn *breuk* natuurlik ook in meeste woordeboeke, onder meer in die betekenis van 'n *skeur* en die wiskundige term waartydens 'n getalvorm “'n gedeelte van 'n eenheid voorstel” (*HAT*, 2005:122). In die gedig “Skrywende by sonlig” gebruik Blum die woord in 'n adjektiwiese sin om oënskynlik die *onderbreking* van *die oomblik* te beskryf. Met reg sou kon beweer word watter rasionaal hierdie skepping versus *onderbreek* sou onderlê – moontlik ter wille van lettergreepstelling en dus ter wille van die ritme van die versreëls. Odendal (1965:10) sien ook 'n “nieuwvorming” aan die hand van bloot “*breuk* + *-el*”, maar sy voorbehoud hier is dat die *-el* in Afrikaans basies geheel en al onproduktief is in woordvorming. Verder bied Odendal (1965:10) ook die Duitse woord *bröckeln* (om te “brokkel, krummel”) as basis van leenvertaling aan.

uit: *Enklaves van die lig* (28)

BREWWE moontlik 'n leenvertaling wat inspirasie put uit die Engelse woord *brief/brevity*, 'n kortstondigheid. In Middelengels is aangetref *bref*, ook *breve* en in Anglo-Frans die woord *bref*. Die woord is oorspronklik afgelei van die Latynse *brevitas*. Die woord *breve* (om bondig te skryf) word ook in Nederlands aangetref en het 'n ooreenstemmende etimologie.

uit: *Enklaves van die lig* (39)

BROKKELMASIES Blum se Kaaps-geïnspireerde spreektaalvorm vir *proklamasies* (amptelike afkondiging), hoewel dit dalk nie buite rekening gelaat kan word dat die Afrikaanse woorde *brok* of *brokstukke* ook deel kon vorm van wat dan eintlik 'n versmelting sou wees nie. Só gesien sou die woord dus impliseer *amptelike landsbeleide wat bietjie-bietjie uitgevaardig word*.

uit: *Enklaves van die lig* (31)

BRONSMONDIG *brons-* in die betekenis van “paardrif”, “kopulasie” (*WAT*, s.j.). Aldus: gereed, ywerig vir geslagsverkeer (*WAT*, s.j.). Sien ook **heilsbrons**.

uit: *Enklaves van die lig* (56)

BUITERGEES Blum skep 'n samestelling (oënskynlik gemodelleer op grond van 'n woord soos *terggees*) wat afgelei kan wees van etlike woorde: Vergelyk die woord *buit* (om te onteien, te steel), asook *vrybouter* (seerower) wat dan met behulp van 'n knipsel sou moes meewerk aan *buitergees*. Verder is daar natuurlik ook 'n gelyktydige klankmatige sinspeling op uitsluiting, of verwerping op grond van die woord *buite*. Net soos met heelwat ander van Blum se woordskeppings behoort elke betekenisonderskeid ten minste oorweeg te word afhangende van hoe die woord binne die betekeniskonteks van die gedig gelees word. *Buitergees* in die konteks van die gedig "Alexander kla" blyk tóg beide *uitsluiting* en *uitbuiting* te wil impliseer.

uit: *Enklaves van die lig* (11)

BURG geskep en ingespan as werkwoord en volgens Blum (2008:169) 'n heenwysing na die aksie van inburgering, om wortels te skiet. Blum (2008:169) is ook van mening dat *Burch* in verband gebring kan word met *berg* (hy verskaf die Bybelse passasie "un feiste Burch ist unser Gott"), alhoewel die *Oxford German Dictionary* (2008:149) die woord *kasteel* as vertaling aanbied.

uit: *Briewe van Blum* (169), *Enklaves van die lig* (63)

BYBELARY moontlik 'n kombinasie tussen *Bybel* en *huigelary* (skynheiligheid, om guns deur onopregtheid te bekom). Blum (in Kannemeyer, 2008:112) gebruik hierdie woord binne die konteks van wat waarskynlik die Christelik-nasionale diskoers van die dag was, maar ook met verwysing na W.E.G. Louw (wat ook 'n ouderling in Grahamstad wa) se "gediggies" wat so "temerig en vol goeiegoddery" in sy bundel *Terugtog* (1949) is, dat Blum dit eintlik as geveinsdheid bejeën. Blum gebruik *bybelary* (in Kannemeyer, 2008:109, 90) ook met verwysing na N.P. van Wyk Louw se digbundel *Die halwe kring* (1985 [1937]) – elders in die brief bespotlik genoem "Halwe Kringgat"; Blum (in Kannemeyer, 2008:112) skryf die volgende: "Halwe Kring en Terugtog is so te sê die *middelterm* tussen fascisme en bybelary, die twee wilde hingste wat ons volkssaak probeer om tegelyk te ry."

uit: *Briewe van Blum* (112)

CLOCHEMERLERIG 'n afleiding van die Franse satiriese roman *Clochemerle* (1934) deur Gabriel Chevalier (Kannemeyer, 2008:194).

uit: *Briewe van Peter Blum* (194)

CONTRAREFORMATORIES Blum maak leenvertalings van onderskeidelik die Engelse woorde *contrary* (teenoorgestelde, wat nie konformeer tot verwagtinge nie) en *formative* (konstruktief, vormend) om 'n samestelling te skep wat min of meer sou kon beteken: wat 'n onverwags-vormende invloed [op my lewe gehad het]. Verder is dit moontlik dat Blum die woord *Contra-reformasie* in gedagte gehad het, wat verwys na die veranderinge wat aangebring is binne die Rooms Katolieke Kerk nadat die kerk se misbruike oopgeplek is deur die Reformasie. Binne die Suid-Afrikaanse literatuurkonteks kon Blum dus hierdie historiese benaming gebruik het om sy persoonlike reaksie vas te vang op die invloed van die verskillende hervormde kerke in Suid-Afrika op die diskoers en die teksproduksie van die dag, en hoe hy as't ware hierteen rebelleer.

uit: *Briewe van Peter Blum* (277)

DEEM afgelei van die Middelnederlandse *deemt*, ook *deimt*; 'n dagmate, byvoorbeeld "zooveel land als iemand in één dag kan afmaaïen" (*Middelnederlandsch Handwoordenboek*, 1979:131). Kannemeyer (2008:172) opper die moontlikheid dat *deemster* ("donker, duister") ook ter sprake kon wees; hierdie woord kom van 'n Middeleeuse epos getiteld *Karel ende Elegast*.

uit: *Briewe van Peter Blum* (172), Enklaves van die lig (49)

DEFIEN Blum maak oënskynlik 'n leenvertaling van die Engelse woord *define*. Hiermee skep hy 'n alternatief tot die woord *definieer* soos wat dit normaalweg in hierdie sin geplaas sou kon word (Kannemeyer, 2008:82).

uit: *Briewe van Peter Blum* (82)

DEMERIETE moontlik 'n leenvertaling van die Engelse (Latynse vorm *demeritum/culpa*) woord *demerit* (foutief, oortreding). Ook in Oud-Frans *desmerite* (blaam) en Moderne Frans *démérite* (teenoorgestelde van meriete).

uit: *Briewe van Peter Blum* (170)

DERISORIES 'n leenvertaling (met funksiewisseling) van die Engelse *derision*; onderwerping aan minagtende uitlagger, om belaglik gemaak te word (*Merriam-Webster Dictionary*, s.j.). Oorspronklik afgelei uit Latynse *irrisop*; om te lag vir iemand, 'n persoon bespotlik maak.

uit: *Briewe van Peter Blum* (295)

DESERDAAGSE vervorming van die Afrikaanse woord *deesdae*, maar dit kan ook 'n ontlening wees gegrond op die Oudhoogduitse woord *dese* (hierdie) en die verouderde Afrikaanse vorm *dese*.

uit: *Briewe van Blum* (188)

DESULTORIESE leenvertaling van die Engelse woord *desultory*; inkonsekwent, teleurstellend. Oorspronklik afgelei van die Latynse *inconstans*.

uit: *Briewe van Peter Blum* (314)

DIGTING 'n germanisme (direk ontleen uit Duits, hoewel nie 'n erkende standaardtaalvorm van die woord nie) (*WAT*, s.j.) wat verwys na *digwerk*.

uit: *Briewe van Blum* (111)

DIKKEDENSIE Blum se neologistiese verwysing na sy artikel getiteld "Hoe ek dekadent geword het" wat hy in *Standpunte* in 1956 gepubliseer het en na Dirk Opperman, want in 'n brief aan Ernst Lindenberg korrigeer hy laasgenoemde se lesing van bovermelde artikel as dat dit geskryf was om Opperman te parodieer. In die artikel sluit Blum (1956:66-69) enkele van sy jeugverse in om te spot met sy eie jeugdige onskuld en oormoed, sowel as met die inslag van digters soos D. F. Malherbe, A. D. Keet en Louis Leipoldt.

DIKKEDENSIE speel dus in op D. J. Opperman se noemnaam sowel as die woord *dekadent* om te bedoel Blum se spottende parodiëring met homself en ander digters, hoewel nie soseer met D.J. Opperman nie. Soos uitgewys deur Kannemeyer (2008:110) kan die rede waarom Lindenberg vermoed het dat Opperman deel vorm van Blum se parodiëring, moontlik toegeskryf word aan Opperman se gedig "Vigiti Magna" uit *Negester oor Ninevé* (1958). Hierdie gedig kon netsowel óók materiaal vir parodiëring

verskaf het op grond van Blum (1956:69) se gedig “die karkas van ’n mens” en nie net die gedigte van Izak van der Westhuizen in sy bundel *Kinders van die stad* (1959) nie (Kannemeyer, 2008:110).

DISSIMILIA Blum skep ’n leenvertaling van die Latynse grondwoord *dissimilis*, (nie soortelyk aan nie) waaruit die Engelse woord *dissimilar* dus ook spruit.

uit: *Briewe van Peter Blum* (154)

DJANTOE dalk ’n vervorming van die woord *Bantoe*.

uit: *Steenbok tot Poolsee* (47)

DOBBELHOL samestelling tussen *dobbel* en *hol*, laasgenoemde as leenvertaling van die Engelse woord *hall* (’n saal), maar ook die platvloerse benaming vir ’n menslike anus. In die gedig “Aandskemering” word morele verval gekontrasteer met die gelukigheid van ’n monogame huwelik, en in sinsverband word *dobbelhol* as volg gebruik: *In die eetsale wat ’n dobbelhol vermom/ Begin die boere en valsspellers saam te drom* (Blum, 1955:101).

uit: *Steenbok tot Poolsee* (101)

DOGMADINGEND Blum maak miskien hier ’n toespeling maak op die Afrikaanse woord *dogma* en *mededingend* om min of meer te bedoel: onder diegene wat meeding om dogma.

uit: *Briewe van Peter Blum* (91), *Enklaves van die lig* (16)

DOM-BOMMELEND *bommel* verskyn in die *HAT* (2005:113) en dan in die betekenis van ’n bult of uitstulping wat op menslike vel waargeneem kan word. Blum skep egter op grond hiervan ’n neologistiese samestellende afleiding wat moontlik ’n gespesifiseerde aksie wil illustreer; vergelyk byvoorbeeld hoe ’n klein vaartuig byvoorbeeld op ’n effe onstuimige see argumentshalwe *hobbelend* – met ’n oneweredige op-en-af-aksie – oor die deinende golwe sou vaar. Blum gebruik dit wel om ’n hommél(by) te beskryf (wat toevallig ook *vaar*), om moontlik dieselfde versinnebeelding daar te stel.

uit: *Enklaves van die lig* (28)

DRENKEND moontlik 'n versmelting van die Afrikaanse woorde *drenkeling* en *denkend(e)* as om 'n soort letterlike verdrinking in denke te denoteer, moontlik soortgelyk aan die Engelse uitdrukking *overthinking*.

uit: *Enklaves van die lig* (53)

DRIN woordsoortelik gesproke gebruik hy die woord soos 'n voorset, teen of dalk "op": *teen die oog/ wat drin die werwel noulet*. Walters (1972:14) wys daarop dat die Duitse woord *drin* 'n kombinasie is tussen die Duitse *darin* wat *binne-in* beteken. Die *Oxford German Dictionary* (1990:186) gee ook ander betekenisonderskeidings aan – onder meer in die sin van te voorskyn kom, asook 'n betekenisonderskeid as volg deur 'n Duitse sin soos *es ist noch alles drin* wat vertaal word as "there's still everything to play for" geïllustreer.

uit: *Enklaves van die lig* (21)

DROGE 'n leenvertaling van die Duitse woord *Droge* wat "medisynemiddel" beteken (Odendal, 1965:9).

uit: *Enklaves van die lig* (51)

DRUIWESWOL 'n samestelling met *druive* waarvan *-swol* moontlik 'n knipsel van wees van *geswolle* (om geswel, uitgestulp te wees). Binne die konteks van die gedig en op grond van wat Blum (1956:66-70) skryf oor sy wordingsproses en inslag as digter, kan die leser kwalik die sintuiglikheid en die seksuele ondertone van heelwat gedigte mislees; daar moet wel bygehaal word dat Blum (1956:66-70; in Kannemeyer, 2008:109-111) spottend en moedswillig is, grootliks omdat hy gereeld krities was oor Afrikaanse digters se "beperkte bestek van temas" en "goeiegodderij", wat mens andersins sou kon beskryf as die Christelik-nasionale diskoers van die dag. Vergelyk 'n anekdote wat Blum (1956: 67) verstrek ná hy die vers "*Piesang, piesang, lekker ding/ Wat elke ens na smag,/ Ek sal jou koop, ek sal jou stroop,/ En aan jou smul – na middernag*" aan 'n Transvaalse kwartaalblad voorlê vir publikasie en hy die volgende respons ontvang: 'Meneer! Watter nasie man is u? Hierdie smerige, Boheemse gedig getuig van 'n onafrikaanse gemoedsfeer! Die oorwegende gevoelskleure van u walglike verse oor *subtropiese vrugte* is 'n klewerige materialisme, naakte sensualisme en verregaande beeldspraak!'

uit: *Enklaves van die lig* (62)

DUISDELIK 'n Blumiaanse neologisme wat 'n sametrekking kan wees van woorde soos *duidelik* en *duiselig* of *duiselingwekkend*. Die gedigreëls waarin hierdie woord voorkom, lui as volg: *Maar tussen gus en knook/ en wrig het die endtwoord in duisdelike taal// eindelijk hoopgebron: Wie só uitgedeel// aan die al is, het die al in hom begryp* (Blum, 1958:21). Walters (1972:17) wys daarop dat **duisdelik** saam met die voorsetsel *in* 'n adjektiwiese funksie vervul, terwyl dieselfde woord se samehang met die verlede deelwoord *hoopgebron* weer 'n adverbiale rol vervul. Verder moet die aktivering van die woord *lig* ook nie buite rekening gelaat word nie, want die *-lig* van *eindelijk* verwys terug na *duisdelik* en herinner ook aan die *-lig* van *duiselig*. *Lig* aktiveer dus die kwessie van *insig*, van letterlik 'n *enklave van lig*, 'n lesing wat haalbaar word gesien binne konteks van hoe die strofes klaarblyklik die verwerking van een of ander insig – bemiddel deur **duisdelike taal** – probeer illustreer (Walters, 1972:17, my kursivering). Walters (1972:17) maak uiteindelik die volgende afleiding: “het die antwoord aan die einde in duidelik en duiseligwekkende taal, eindelijk 'n bron van hoop en lig geword.”

uit: *Enklaves van die lig* (21)

DUITSDOM Analogievorming na aanleiding van 'n woord soos *mensdom*; Kannemeyer (2008:11) noem *Duitsdom* 'n neologisme in dié opsig dat Blum die woord *dom* (onnosel) kombineer met *botheid* (geslote, afgemete) wanneer laasgenoemde sy misnoeë te kenne gee omtrent (wat volgens hom) die Duitsers se uitgediende, eenduidige, oorbeklemtoonde agting van Johann Wolfgang von Goethe is: “Die botheid van die Duitsdom wat in Goethe 'n eersterangse digter sien sluit die moontlikheid uit dat ek by hulle kan inpas. Ek het onlangs weer 'n paar hedendaagse Duitse **poëta**stere gelees en vind tot my ontsteltenis dat hulle daar oorkant nog steeds besig is met uitgeputte tema (uitgeput sedert Walter von der Vogelweide) van Jiefde in Mei.” Op grond van Blum-uitsprake soos hierdie, en ter wille van konteks, is dit miskien raadsaam om 'n meer algemene waarneming omtrent Blum se na waardeskatting van homself en ander digters te waag: Uit sy briefversameling is dit duidelik dat Blum hoogs erudiet en uiters krities (in sowel 'n positiewe sin as in 'n negatiewe sin van die woord) is op beide homself en ander skrywers, sodat hy ossilleer tussen 'n bykans arrogante houding en 'n sterk vertwyfeling van sy eienvaardigheid as skrywer wat ten alle koste behoeftig was om aanvaarding binne die literêre establishment.

Sy kritiek is tegelyk positief in die opsig dat dit intellektueel, genuanseerd, op die man af en antihegemonies is, maar dit is ook negatief in die opsig dat hy by tye hovaardig en meerderwaardig uit die verwerk tree.

uit: *Briewe van Peter Blum* (11)

DULDSAAM Blum se neologistiese samevoeging vir *geduld* en *lydsaam*; geduld gekoppel met vermoë om lyding te deurstaan, verdraagsam te wees.

uit: *Briewe van Peter Blum* (191)

EINDELIG moontlik 'n toespeling op die Afrikaanse woorde eindelijk of uiteindelik en lig as sametrekking van die uitdrukking van verwys na iemand wat uiteindelik die lig gesien het.

uit: *Enklaves van die lig* (21)

EKSKREMENTELE 'n leenvertaling van die Engelse woord *excrement*, *excremental* (ontlasting van diere) wat moontlik versmelt is met die Afrikaanse woord *eksperimenteel*. Blum (in Kannemeyer, 2008:145, 186) gebruik die woord met verwysing Richard Daneel, 'n onderwyser en akteur wat "vol skurwe stories" en ook "oor-optimisties" was toe 'n reeks opvoerings meer aftrek gekry het as wat gewoonlik die geval was.

uit: *Briewe van Peter Blum* (207)

ENKOMIUM 'n leenvertaling van die Engelse woord *encomium*; afgelei van die Latynse woorde *laud* en *laudatio*; 'n lofbetuiging, in spraak of in skrywe.

uit: *Briewe van Peter Blum* (84)

ENDTWOORD miskien is hier 'n samespel tussen *einde* en ten minste twee betekenisonderskeide van *ent* betrokke – te wete in die sin van 'n afstand en die manier waarop *teelfweefsel* by plante naasmekaar geplaas word om "samegroeiing" te bewerkstellig (WAT, s.j.).

uit: *Enklaves van die lig* (21)

ERKENNIS moontlik 'n samevoeging van die Afrikaanse woorde *erkenning* en *kennis*, hoewel Blum se kennis van Duits (vergelyk sy gereelde gebruik van die morfemiese “er” as kasusbenaming (“hy”) by woorde soos “ervoel”) sou impliseer dat hy moontlik bedoel kennis wat spesifiek deur 'n manlike figuur opgedoen is. Duits ken ook *Erkenntnis* wat beteken ‘begrip’, ook ‘kennis (van die waarheid)’ asook ‘persepsie’ (Wildhagen in Odendal, 1965:11).

uit: *Enklaves van die lig* (49)

ERNÉSTIG moontlik poog Blum hier 'n samestelling van die Afrikaanse woord *ernstig* met 'n leenvertaling van die woord Engelse *earnest* (indringend, met erns – gesê van die mentale, denkende toestand).

uit: *Briewe van Peter Blum* (202)

ERVOEL moontlik 'n kombinasie tussen die Afrikaanse woorde *ervaar* en *voel*. Weens die *-er* as nominatiewe kasus in Duits om na hy te verwys, mag Blum moontlik ook bedoel dat *hy aanvoel*. Sien ook **erkennis**.

uit: *Briewe van Blum* (127)

EPOGAAL Blum skep hierdie woord om te verwys na 'n letterkundige werk wat *kenmerkend van die epog* is, maar hy maak ook 'n toespeeling op die Engelse woord *epochal* wat omskryf word as “van groot belang, buitengewone belang” (Kannemeyer, 2008:82).

uit: *Briewe van Peter Blum* (82)

EPISTOLOBDELYGRAFIESE volgens Kannemeyer (2008:327) kan *episto-* betrekking hê op ‘brief’ [vergelyk “epistel”], met *lobe* in Latyns wat ‘mishandel’ beteken; verder kan *-dely-* heenwys na *delendo*, in die betekenis ‘om te vernietig’ en laastens kan *-grafiese* verwys na ‘skryfaksie’. Dit impliseer min of meer dat iemand wat so genoem word “die beoefening van briefskryf [...] mishandel en vernietig” (Kannemeyer, 2008:327). Blum gebruik hierdie woord met verwysing na Uys Krige in wie hy 'n hekel gehad oor dié se “gebruiklike nalatigheid om briewe te beantwoord” (Kannemeyer, 2008:327).

uit: *Briewe van Peter Blum* (327)

ERVORDER waarskynlik in die betekenis van *bevorder* of *invorder*. Verder verwys *er-* in Duits gewoonlik na *hy* (nominatiewe kasus); dit kan daarom moontlik wees dat Blum 'n beknopte wyse hier skep om te verwys na 'n manlike persoon wat sogenaamd *vorder*, *bevorder*, *invorder*, ensovoorts. Blum (in Kannemeyer, 2008:162-163) gebruik die woord om sy frustrasie te verwoord nadat N. B. B. Uitgewers sy manuskrip vir *Enklaves van die lig* vir publikasie afgekeur het – onder met die voorbehoud dat Blum hom skuldig maak aan rymdwang. Blum (in Kannemeyer, 2008:162-163) meen klaarblyklik vaste vorm-verse vergemaklik die uitvoer (en te wens in die eerste plek die bestaan van) 'n rympatroon, en hy skryf: “Waarom o waarom moet Totius vir hom altyd nougesette strofevorme kies wat baie ryme ervorder? Hy kon teen daardie tyd al geweet het dat rym nie sy forte is nie”. Sien ook **ervoel**.

uit: *Briewe van Blum* (163)

ETONNEER Kannemeyer (2008:92) verklaar dat hierdie woord afgelei blyk te wees van die Franse woord *étonnant* wat beteken om “verbaas, verras” te wees.

uit: *Briewe van Blum* (92)

FAKTUELE leenvertaling van die Engelse woord *factual* (feitegedrewe).

uit: *Briewe van Peter Blum* (209)

FELIEN Blum se leenvertaling van die Engelse *feline*; met betrekking op katte of die katfamilie. Ook “grasieus” of “tersluiks, geslepe, heimlik” (*Merriam-Webster Dictionary*, s.j.).

uit: *Briewe van Peter Blum* (303)

FIDEEL leenvertaling met morfemiese reduksieproses van die Engelse woord *fidelity*; laasgenoemde is afgelei uit die Latynse *fidelitas* en *fides*; getrouheid, geloofwaardigheid.

uit: *Steenbok tot Poolsee* (93)

FOMMELEND moontlik 'n leenvertaling van die Engelse woord *fumble*, *fumbling*; om lomp of ongemaklik met iets te voetel.

uit: *Enklaves van die lig* (74)

FRIDZED Blum se poging om die Kaapse Afrikaans vir die Engelse woord *frigid* weer te gee.

uit: *Steenbok tot Poolsee* (53)

FRIDZIDÊRS Kaapse Afrikaans; moontlik 'n verafrikaanse, volksetimologiese afleiding van die Amerikaanse yskasfabrikaat *Frigidaire* wat veral bekend was in die middel-1900's; hierdie fabrikaatnaam is as sinoniem gebruik vir enige yskas, 'n saak wat vandag steeds die geval is in Frankryk en Franssprekende streke.

uit: *Steenbok tot Poolsee* (45)

FYNYNIG 'n samesmelting van *fyn* en *venynig* (bitsig) wat min of meer omskryf kan word as 'n intense, detailgedrewe bitsigheid. In die gedig "Man wat mal word" lui die reël *en slags ék [...], fynynig vaam/ tort in die klier*. *Vaam* (in skeepsvaart) verwys na 'n lengtemaat van ongeveer 1.8m (HAT, 2005:1242). Woordsoortelik gebruik Blum die woord oënskynlik adjektiewies as dit slegs saam met *vaam* gelees word, maar saam met *tort in die klier* begin lol die semantiek effe aangesien *tort* 'n funksiewisselende dinamiek het. As Engelse leenwoord beteken *tort* verdraaiing (sien ook inskrywing **tort**), maar Walters (1972:15) suggereer dat die woord soos 'n voorsetsel gebruik word omdat dit herinner aan *tot* en moontlik met *stort* gekombineer word. Walters (1972:15) vind verdere assosiatiewe skakeling met die woord *vaam* op grond van *vadem* wat spesifiek na 'n "dieptemaat" verwys, sodat uiteindelik die interpretasie "met fyn venynigheid afdaal tot in die klier" aangebied word.

uit: *Enklaves van die lig* (21)

GEBELCHD Blum skep 'n neologisme met behulp van analogie deur die Afrikaanse woord *gebelg/d* ('n deftige benaming vir kwaad wees) te kombineer met R. K. Belcher (1933-2006) se van.

uit: *Briewe van Peter Blum* (90)

GEREGTE die woord *geregverdigde* meld geredelik aan, en Odendal (1965:11) bied die Duitse woord *Gerechte* (wat *regverdige* beteken) aan wat as basis vir leenvertaling kon dien. Uit die konteks waarin die gedig voorkom, kan die woord *tereggestelde* egter nie buite rekening gelaat word

nie (Odendal, 1965:11). Vergelyk: “*Harte hoofsaaklik aan die verkeerde kant, maar/ Skuimend van skuldlose pret, asof hul ’n ander/ Heelal bewoon, asof daar by die begrafnis/ Van ’n geregte – tussen die lanfer, die Dies Irae,/ Treuring en trane – ’n apie (in my ook) hom jeuk en oopneuk.*”

uit: *Enklaves van die lig* (49)

GESAGSTATERS Blum skep ’n persoonlike voornaamwoord deur ’n affleiding te maak van *gesagstaat*; outokratiese individu/groep wat nie grondwetlik gesproke verantwoordelik is teenoor die nasie nie (HAT, 2005:290).

uit: *Briewe van Peter Blum* (215)

GESKOKTERIG Blum span die woord *skok* in met normbehoudende affiksering (vergelyk byvoorbeeld ’n woord soos *vetterig* as analogie), maar dit is interessant om daarop te let dat hy dit gebruik as ’n beknopte wyse om gradering aan te dui. In plaas van *effe geskok* gebruik Blum derhalwe *geskokterig*.

uit: *Briewe van Blum* (107)

GETRAMPEL ’n leenvertaling van die Engelse woord *trample/trampling* (vertrap/vertrapping). In Nederlands word ook gevind *trampelen* en *trampen* – beide in streeksdialek en redelik verouderd, en dan in die betekenis met stampende voete loop (Odendal, 1965:11).

uit: *Enklaves van die lig* (47)

GEWROGTE ’n leenvertaling (met Afrikaanse deelwoordbewerking) van die Engelse woord *wrought* (kunstig, met inspanning geskep, elaboraat bewerk); in Blum se briewe (2008:162) verklaar hy die etimologiese paradigma van die woord immers self as afgelei uit die Oud-Engelse uit *wyrcean* na uiteindelik *wrōht*. Die Latynse basis van hierdie woorde is *factus*, om bewerk te word, verfyn, afgerond te wees.

uit: *Briewe van Peter Blum* (91)

GRAVUUR Afrikaans ken net *gravure*, meervoud *gravures* (litografie, 'n gegraveerde tekening [*HAT*, 2005:333], so moontlik is hierdie woord só geskryf om slegs twee sillabes te beslaan ter wille van die gedigreëls se ritme. Verder is die nie onmoontlik dat Blum met opset die woord *vuur* hier wou aktiveer nie – in die opsig van die hel of die doderyk – want hierdie gedigsiklus herinner intertekstueel aan Dante se Goddelike Komedie.

uit: *Enklaves van die lig* (57)

HAAIBEKS moontlik 'n neologistiese, beknopte wyse om eintlik te sê soos *die bek van 'n haai*. Vanaf die Engelse *back* (rug) sou ook moontlik gesinspeel word op *die rug van 'n haai*.

uit: *Briewe van Peter Blum* (321)

HADER Odendal (1965:9) verklaar hierdie woord as 'n leenvertaling van die Duitse woord *hadern* – 'n “twis” of om te “kibbel”.

uit: *Enklaves van die lig* (52)

HEAVENPOEP/HEMELFART met behulp van leenvertaling maak Blum 'n toespeling tussen die Duitse “Himmelfahrt” (hemelvaart) en die Engelse *fast* (poep) (Kannemeyer, 2008:279).

uit: *Briewe van Peter Blum* (279)

HEERDIE moontlik 'n versmelting van die Afrikaanse woorde *heer* en *hierdie*. Sintakties funksioneer die woord juis soos die aanwysende voornaamwoord *hierdie*, maar gesien in die lig van die hele sin waarbinne hierdie woord verskyn – te wete [*a*]*lluin 'n kwik haat/ het heerdie verstrooide pynpuin in kontrole/ nog somgehou* – moet daar rekening gehou word met die feit dat die woord *beheer* ook deel kon uitmaak van die vorming, want dit sal nou saamhang met *kontrole* en *somgehou* (Walters, 1972:15). Met ander woorde, *heerdie* sou dan 'n sametrekking kan wees van 'n frase soos *hierdie man wat probeer het om beheer uit te oefen*.

uit: *Enklaves van die lig* (21)

HEKTIESE moontlik 'n leenvertaling van die Engelse woord *hectic* (wat gekenmerk word aan aktiwiteit, opgewondenheid en/of verwarring; ook uit die mediese veld – koorsagtige siektetoestand soos met byvoorbeeld tuberkulose (*Merriam-Webster Dictionary*, s.j.). Die WAT (s.j.) gee *hekties* aan, maar slegs in verband met die mediese betekenis.

uit: *Briewe van Peter Blum* (264)

HEILSBRONS Blum skep 'n neologistiese samestelling met oënskynlik die aktivering van 'n minder bekende betekenisonderskeiding vir *brons*. *Heilsbrons* as samestelling tussen *heil* (betreffende menslike saligheid, raadsbesluit deur Opperwese) en *brons* (benewens die metaallegering van bruin uit koper en tin, ook “paardrif by diere” (WAT, s.j.), sou dus moet saamspan om te beteken *die begeerte om voort te plant word beskou as 'n vorm van heil*. Blum (1955:11) gebruik die woord met verwysing na meeu, maar as ons die gedig lees as dat dit betrekking het op of wil uitspraak maak oor die menslike inwoners (die *pensioentrekkers op ou roem*, ook genoem *gestilde sinnebeeldvoëls*) van Hermanus, word die diere en hulle sementgietsel-weergawes (vergelyk *verstrak*, *verkalk* en *tuinfiguur*) in die gedig eintlik doppelgangers of metafore vir die mense, want reeds aan die begin van die gedig word Hermanus 'n *pikkewynparadys* genoem en word die metaforiek vandaar tot aan die einde volgehou.

uit: *Steenbok tot Poolsee* (11)

HEUNINGMAAND Blum se toespeeling (met gedeeltelike leenvertaling) van die Engelse woord *honeymoon*.

uit: *Briewe van Peter Blum* (259)

HÉWEREND moontlik 'n leenvertaling van die Engelse woord *hovering*; om te hang met fladdering in die lug (voël), gesuspendeer in die lug. Odendal (1965:7) opper die moontlikheid dat die woord 'n versmelting tussen *verhewe* en *huiwerend* kan wees, maar is onseker.

uit: *Briewe van Peter Blum* (91), *Enklaves van die lig* (49)

HIBERNOFIEL leenvertaling van die Engelse *hibernophile*; 'n liefhebber van Ierse kultuur.

uit: *Briewe van Peter Blum* (315)

HOEGENAAMDLIK met verwysing na N.P van Wyk Louw en op grond van 'n ontlening vanaf die Duitse woord *Ueberhauptisch* bedoel Blum min of meer “in oordaad” en volgens J. C. Kannemeyer (2008:38) “N.P. van Wyk Louw-agtig”.

uit: *Briewe van Peter Blum* (38)

HÔI-HÔI nuutskeping uit klanknabootsing; om vee aan te jaag.

uit: *Briewe van Peter Blum* (231)

HORD leenvertaling vir die Engelse *hoard*; wemeling van mense, of met verwysing na die politiese onderafdeling van eertydse sentraal-Asiese nomadiese stamme wat soms barbaars, verwoestend en plunderend opgetree het. Afrikaans ken ook *horde*, wat 'n groot groep mense beskryf.

uit: *Enklaves van die lig* (54)

HUNNER die Hunne was 'n nomadiese groep mense wat in die vierde en vyfde eeu n. C. Groot dele van sentraal- en oos-Europa beheer het; wanneer die naam geskryf word met 'n kleinletter is dit dikwels met verwysing na 'n persoon wat roekeloos en onder aanleiding verwoesting saai. Spesifiek in Duits word *hun* in die volksmond ook gebruik as benaming vir 'n persoon (gewoonlik 'n Duitse soldaat) wat neerhalend teenoor ander optree.

uit: *Briewe van Peter Blum* (290; 314)

INANISIE moontlik 'n leenvertaling van die Engelse woord *inundation* (om oorweldig te word, 'n vloed) of die Engelse woord *inane* (betekenisloos). *Inane* is afgelei van die Latynse woord *inanis*: leeg, nietig. Laasgenoemde betekenisonderskeiding skyn standhoudend te wees aangesien Blum (in Kannemeyer, 2008:117) dit gebruik om te verwys na Amerikaanse literatuurkritiek wat volgens hom fut begin verloor het by 'n gebrek aan “kritiseerbare” skrywers en omdat te veel al geskryf is enkele skrywers. Blum (in Kannemeyer, 2008:117) skryf as volg: Hulle is nou al in 'n maalkolk van **inanisie**: wie kan op hierdie stadium nog iets nuuts sê oor Moby Dick of Four Quartets?”

uit: *Briewe van Blum* (117)

INHEREER leenvertaling met funksiewisseling van die Engelse woord *inherent*; intrinsieke aard. Tegelykertyd is dit moontlik dat Blum hier ook 'n kombinasie met *inhibeer* bedoel het. Die implikasie hiervan vir die betekenis van *inhereer* sou derhalwe as volg kon lui: *die intrinsieke aard [van byvoorbeeld die letterkundige werk onder bespreking] word geïnhibeer, ondermyn, onontwikkeld gelaat.*

uit: *Briewe van Peter Blum* (259)

INMYSKIKHEID neologistiese sametrekking van die Afrikaanse frase *[om in] in my skik [te wees]* en moontlik na aanleiding van 'n woord soos "tevredenheid".

uit: *Briewe van Peter Blum* (246)

JOKKEL moontlik 'n sametrekking van *jok* (leuens vertel) en *koggel* (tart) of selfs *begogel* aangesien Blum hier in geselstrant skryf oor die universiteitsruimte en die epistemiese.

uit: *Enklaves van die lig* (62)

KAFIELA leenvertaling van Engelse *cafila*; 'n groepering reisigers, gewoonlik in Arabië, Iran of Indië. Oorspronklik uit die Arabiese *qāfilah*.

uit: *Briewe van Peter Blum* (319)

KAKKERASIE Blum se neologistiese, bondige stelwyse vir *kakpraat* of *om kak te praat*. Die woord kom dus neer op 'n nominalisering van die werkwoord *kak*.

uit: *Briewe van Blum* (187)

KARESSERENDE leenvertaling van die Engelse woord *caressing*; om liefkosend te streel of iemand liefkosend te behandel.

uit: *Briewe van Peter Blum* (266)

KATERYE J. C. Kannemeyer (2008:56) vermoed dat Blum hier 'n toespeling maak op *katerjag* en/of *katterjak* – om saans rond te loop en rond te flankeer. Die *HAT* (2005:540) gee “kater” aan as 1.) weinig gebruiklike woord wat verwys na 'n mannetjieskat en 2.) 'n alternatiewe benaming vir die woord “babelas”.

uit: *Briewe van Peter Blum* (56)

KORROLARIUM leenwoord vanaf die Engelse woord *corrolary*;

uit: *Briewe van Peter Blum* (180)

KIWIEF leenvertaling van Duitse woord *quivive*; 'n uitkykpos of wagpos; ook Duitse idioom “Auf dem Quivive sein” – om paraat, ingelig of op wag te wees (*Oxford German Dictionary*, 1990:576). Herkoms: eerste gebruik van woord dateer uit 1726 toe Franse soldate sou uitroep “lank lewe wie” voordat burglary toegelaat sou word om hekke binne te gaan of toegang tot paaie te ontvang. Mense moes dan uitroep “lank lewe die koning/rewolusie”; daarom dat “quivive” oorspronklik ook beteken het “hy wat lewe en sal juig” (*Van Dale Etymologisch Woordenboek*, 1997:715).

uit: *Steenbok tot Poolsee* (27)

KLEEP miskien skep Blum hier 'n klanknabootsing wat afgelei kan wees van die woord “klepel” (slaginstrument, bengel van 'n klok). Hy verwys immers na die beier van 'n klok met hierdie woord. Dit is interessant om daarop te let dat Blum (1958:9) tegelykertyd ook die woord as werkwoord inspan: *kleep, kleep hees soos 'n belboei teen gevaar*.

uit: *Enklaves van die lig* (9)

KNABBER leenvertaling van die Duitse woord “knabbern”; kou, knibbel.

uit: *Briewe van Peter Blum* (223)

KOMPIELER Blum se neologistiese skeldnaam vir die samestellers (elders deur hom ‘samestellers’ as toespeling op *samestelling* en *steel*) van bloemlesings deur 'n leenvertaling te maak van die Engelse *compile* (Kannemeyer, 2008:327); hy kombineer die woord ook met die vulgêre benaming vir penis, te wete *piel*.

uit: *Briewe van Peter Blum* (327)

KULTPROP, KULTPROPAGEER 'n neologisme op grond van die inkorting van *kultuure* en *propoganda*; laasgenoemde word met 'n knipsel gekombineer.

uit: *Briewe van Peter Blum* (330)

LAVEI J. C. Kannemeyer opper die moontlikheid dat Blum die Engelse woord *lavish* in gedagte gehad het met hierdie neologisme. Die etimologie van die Nederlandse woord *laveren* lewer egter interessante insigte op: die vroegste betekenisonderskeid van *laveren* word in 1568 onder meer as *lavei* opgeteken – wat beteken “verlof, vryheid of staking en om die nag te jaag”.

uit: *Briewe van Peter Blum* (76)

LITERÊR-GOSSIPISTIES 'n samestelling waarvan *-gossipisties* 'n leenvertaling is van die Engelse woord *gossip*; skindernuus wat verband hou met literêre kringe.

uit: *Briewe van Blum* (122)

LOES leenvertaling van die Middelnederlandse woord *loesch* (soort leer, sogenaamd *marokijn*; leer van Marokkaanse afkoms).

uit: *Briewe van Peter Blum* (171)

LOMPITEITE van die byvoeglike naamwoord *lomp* skep Blum 'n selfstandige naamwoord wat soos 'n versamelnaam optree vir onbeholpenheid, min of geen vaardigheid, moeilik of ongemaklik om te hanteer of sonder die nodige intellektuele vermoë.

uit: *Briewe van Peter Blum* (205)

LUITERSE herkoms: doodleuters, *-luters*; afgelei van woord *Luthers* waartydens Lutherane hulle gedurende Hervorming dikwels moes sogenaamd stilhou (*Afrikaanse etimologieë*, 1967:204). Die woord kan ook etimologiese vergelyk word met die Oos-Friesiaanse uitdrukking *dôd lûtters*. Blum (1955:9) gebruik die woord om te verwys na die *getik van 'n ou horlosie* wat *ons ontstoke/ harte se ritme in die kamer* vervang, waarna *ons gestaltes kywn tot stywe spoke*. Die gebruik van woord suggereer dus inderdaad die betekenis van *stil*, *gestil* of *stilhou*, selfs al beskryf dit

die beweging en aftel van 'n horlosie se sekondewyser; miskien word die idee van stilheid juis geskep deur die feit dat omtrent alles anders in die omgewing van die bewegende sekondewyser redelik stil moet wees sodat die aftel van die sekondes gehoor kan word.

uit: *Steenbok tot Poolsee* (9)

MANDOM 'n gelyktydige toespeling op die mensdom se manlike lede as "dom" (in die betekenis van "onnosel", "onkundig") asook die "domein" of "toestand" van spesifiek die manlike spesie.

uit: *Enklaves van die lig* (55)

MANG Blum (2008:251) verklaar dat die woord baseer is op die Engelse "among" (tussen-in) en die Duitse woord *mittenmang* in dieselfde betekenis.

uit: *Briewe van Peter Blum* (230; 251), *Enklaves van die lig* (16)

MEKTOEB leenvertaling van die Arabiese woord *Mektub*; dit wat amptelik vasgelê en verklaar is, soortgelyk aan 'n proklamasie. Ook "dit is geskryf" (Kannemeyer, 2008:156).

uit: *Briewe van Peter Blum* (156)

MELUHEID Volgens Kannemeyer (2008:132) kan hierdie woord moontlik afgelei kan wees van die Engelse woord *mellow* in die betekenis van 'beleë, rustig, kalm'. Sien ook **melwe**.

uit: *Briewe van Peter Blum* (132)

MELWE moontlike leenvertaling van die Engelse woord *mellow*, vanaf die Middelenlengelse *melowe*. Sien ook **meluheid**.

uit: *Enklaves van die lig* (74)

METAFEERDERY Blum skep hierdie woord oënskynlik as 'n soort afleiding van die woord "metafisies" nadat hy in 'n briefwisseling met Ernst Lindenberg hom gelyk gee dat *Enklaves van die lig* ten dele 'n 'antimetafisiese reaksie' beliggaam.

uit: *Briewe van Peter Blum* (251)

MIELIEDOELA samestelling tussen die sogenaamde *Mieliedriehoek* (“mielieverbouingsgebied in Noord-Vrystaat”) en ’n vervorming van die Afrikaanse woord “gramadoelas”; gewoonlik onherbergsame gebied en/of gevul “met agterlike bewoners” (Kannemeyer, 2008:177). Blum (in Kannemeyer, 2008:177) beskryf homself as “karloos in die Mieliedoela” en hy was oorspronklik wrewelig om die pos van bibliotekaris in die Vrystaat te aanvaar uit vrees vir “verburgerliking” en die idee van ’n “patriargale gesin in die mieliedriehoek, sonagskool, kerk, Trompie en Saartjie [...] twee dronkneeste, groot berou, nooientjie, handjieshou, ouersvrra, huwelik, krosie, vroegslaap, ouderlingskap – O God, dis geen loopbaan vir ’n kunstenaar nie.”

uit: *Briewe van Peter Blum* (177)

MOERING moontlik mobiliseer Blum betekenisonderskeidings van *moer* in Nederlands: in die betekenis van *afsaksel*, uit die Middelnederlandse *moeder* (*modder*) of met verwysing na veengrond, slik, of moerasse uit onder meer Middelnederlandse *mōr* en die Oudhoogduitse *muor*. Soms word dit spesifiek gebruik wanneer verwys word na ’n meer of ’n stuk land omring of begrens deur die see.

uit: *Enklaves van die lig* (56)

MOESSEER verklaar deur Kannemeyer (2008:172) as moontlik afgelei van die Franse woord *mousseur* (‘om te skuim’) of die Afrikaanse woord *moes(s)on*; ‘stormagtig’. *Moesson* word ook in die *WAT* (s.j.) aangegee in die betekenis van moesonwind (vergelyk Engelse *monsoon*).

uit: *Briewe van Peter Blum* (172)

MOKANT direkte ontlening van die Duitse woord *mokant*; bespotting, hekeling. Kannemeyer (2008:184) is van mening dat die woord ook ontleen kan wees van die Franse *moquant*; skerts, spot.

uit: *Briewe van Blum* (184)

MOLDOU leenvertaling van Duitse woord *Moldau* as benaming vir Vltava-rivier in Bohemië (hedendaagse Tseggië).

uit: *Steenbok tot Poolsee* (27)

MONDEINS 'n leenvertaling van die Franse woord *mondain* – dit wat “wêrelds, ydel of sjiek” is (Kannemeyer, 2008:93).

uit: *Enklaves van die lig* (49)

MUIK ontlening uit Nederlands; *muik* het twee betekenisonderskeidings: perdesiekte, “bewaarplaatz voor appels en peren” (*Van Dale Etymologysch Woordenboek*, 1997:581). Eerste gebruik in 1599 in die betekenis ‘de plek waar ze zacht worden’ (*Van Dale Etymologysch Woordenboek*, 1997:581).

uit: *Briewe van Peter Blum* (172), *Enklaves van die lig* (47)

NIJDERS-TROMMEL-BOOZE Blum skep oënskynlik 'n persoonlike voornaamwoord uit die Nederlandse *nijd* (jaloesie, woede), *trommel* (drom) wat in beide Duits en Afrikaans voorkom, alhoewel die woord in Afrikaans volgens die *WAT* (s.j.) as 'n anglisisme vir “drom” beskou word, sowel as die Engelse booze wat afgelei is uit die Middelnederlandse “busen” (sterk drank, suip).

uit: *Briewe van Peter Blum* (275)

NOGTER neologisme [met behulp van analogie] vir die Engelse woord *neither* en gedagtig aan die Afrikaanse uitdrukking ‘tot nog toe [nie]’ (Kannemeyer, 2008:222).

uit: *Briewe van Peter Blum* (222)

NOTTEWIEL 'n weinig gebruiklike uitdrukking met waarskynlik dieselfde betekenisonderskeiding as *aikôna*. Die woord kan ook gevorm wees na analogie van bekende Afrikaanse spreektaaluitings soos *nottehel* of *nottedêm*.

uit: *Briewe van Peter Blum* (34)

NUGATORIES leenvertaling van die Engelse *nugatory*; onbenullig, onbelangrik asook dit wat onwerkbaar is, nie bekragtig kan word nie.

uit: *Briewe van Peter Blum* (321)

OBTUUS leenvertaling van die Engelse woord *obtuse*; stomp; onnosel.

uit: *Briewe van Peter Blum* (328)

OMBUURT 'n bondige manier om te sê *omring deur 'n buurt* en dan dus aan die hand van die analogiese *omring*.

uit: *Briewe van Peter Blum* (107), *Enklaves van die lig* (63)

OMFLOERS(D) die *WAT* (s.j.) gee slegs *omfloers(ing)* aan; hoofsaaklik in die betekenis van bedekking, versluiering.

uit: *Briewe van Peter Blum* (198), *Enklaves van die lig* (59)

ONBEPEILBOOR 'n Blum-neologisme oënskynlik saamgestel uit *onbepaalbaar*, *onpeilbaar* en die werkwoord *boor* wat sáám min of meer op die volgende neerkom: dit wat gestroop is van betekenis, of waarvan die betekenis nie bepaal kan word nie. Walters (1972:12) bied ook *onbepaald* en *ondeurboorbaar* aan wat ook die samestelling kon voer. Walters (1972:13) argumenteer verder dat hierdie woord meer optree soos 'n werkwoord as 'n byvoeglike naamwoord – hoofsaaklik wees die invloed van *-boor* en omdat die woord gevolg word deur die voegwoord *maar*. Tog is dit óók so dat die eerste deel van die woord die beskrywende aard van 'n byvoeglike naamwoord dra; daarom brei Walters (1972:13) die uiteindelijke interpretasie van die woord in die konteks van die res van die gedig uit na “die dag boor onbepaald en onverstaanbaar voort.”

uit: *Enklaves van die lig* (21)

ONDEURVORSBAAR na analogie van *ondeurgrondbaar*; slegs *deurvors* word deur die *WAT* aangegee: deurtastend, deeglik ondersoek.

uit: *Briewe van Peter Blum* (171)

ONNERFLIK Kannemeyer (2008:122) meen tereg dat “nerf” hier verwys na “vel” en Blum dit neologisties inspan wanneer hy verwys na die onaangename omslagtekstuur van sy bundel *Enklaves van die lig* tydens die ontwerpproses. Dit is egter ook moontlik dat Blum hier 'n toespeling maak op *oorerflik* in dié sin dat dit blyk hy wou hê die bundel beskou moet

word as 'n waardige erfstuk; die fisiese ontwerp van die boek moet met ander woorde nie hierdie taksering kniehalter nie.

uit: *Briewe van Peter Blum* (122)

ONMOSAÏESE In Blum (2008:256) se brief lyk dit asof hy 'n (neologistiese) toespeling op die Afrikaanse woord *immoreel* maak. Odendal (1965:28-29) wys daarop dat Blum die *-on-*voorvoegsel (as negativering) heel dikwels as strategie vir woordvorming in sy poësie aanwend, met sommige gevalle minder gemotiveerd as ander. Die WAT (s.j.) gee "Mosaïes/mosaïes" aan wat onder meer verwys na morele- en seremoniële wette soos vervat in die Joodse Pentateug.

uit: *Briewe van Peter Blum* (256)

ONPASIFIEK die WAT (s.j.) gee weliswaar nie *onpasifiek* aan nie, maar gebruik Blum (1958:72) se gedigreëls as voorbeeldmateriaal om die lemma *latertyds* te omskryf: *Latertydse Balboa 'n vergesig open oor 'n hele/ [o]npasifiek van nuwe griewe, hernude eise*. Miskien het Blum hier 'n samestellende toespeling gemaak op die woorde *spesifiek* en *pasifis* en dit gekombineer met sy kenmerkende (en dan dikwels nie normbehoudend nie) affiksering deur "on-" ("nie") te voeg tot hierdie samesmelting. Hiervolgens sou die omskrywing van *onpasifiek* kan lui *dit wat nie spesifiek gerig is tot vredesluiting of die vermyding van gewapende geweld tussen nasies nie*. Dan knaag gewoon die spesifiekheid van die omskrywing egter, want dit is nie vanselfsprekend waarna dit verwys nie. Verder kan *onpasifiek* ook 'n ontkennde afleiding wees van die weinig gebruiklike Afrikaanse woord *pasifikasie*: 'n vredestigting. Dit wil sê, die teenoorgestelde van 'n vredestigting, byvoorbeeld die verklaar van 'n oorlog of om opruiend op te tree.

uit: *Enklaves van die lig* (72)

ONWEEROPVINDBARE miskien is hierdie oënskynlike (aweregse) samestelling gemodelleer op die Afrikaanse woord "onagterhaalbare". In plaas daarvan om dus bloot die woord "onagterhaalbare" te gebruik om te verwys na dit wat nie deurgrond of begryp kan word nie, mag dit moontlik wees dat Blum hier meer spesifiek wil verwys na iets wat nie weer gevind en opgeneem kan word nie.

uit: *Enklaves van die lig* (65)

OORLEENTHEID dalk 'n kombinasie tussen *oorywerig* en *geleentheid*. Blum pen immers hierdie woord neer met verwysing na die Amerikaanse literêre kritici wat volgens hom arm is aan nuwe, bewonderenswaardige literêre werke om onder die loop te neem.

uit: *Briewe van Blum* (117)

OORLEGVOL vanuit die selfstandige naamwoord *oorleg* (deeglikheid, berekendheid) skep Blum 'n korter skryfwyse vir wat moontlik die frase *vol van oorleg* kan bedoel; die resultaat hiervan is 'n hulpwerkwoordfunksie (vergelyk 'n voorbeeldsin soos *Hy is oorlegvol* terwyl die woord *oorleg* gewoonlik in 'n bywoordelike kapasiteit ingespan word (vergelyk 'n voorbeeldsin soos *Ek is deeglik bewus van my tekortkominge* wat die kwaliteit *oorleg* deursein, maar dan sonder om 'n allerweë bekende woord soos *deeglik* te moet gebruik).

uit: *Briewe van Blum* (169)

OORSWAL hoewel hierdie woord met 'n eerste oogopslag sou lyk soos 'n ongewone en gedronge woordskepping wat moontlik “oor die wal” moet beteken, sê Odendal (1965:9) dat ons die betekenis van die Duitse woord *Schwall* hier moet oorweeg, wat “(stort)vloed” en “stroom” beteken. Blum gebruik dus wel een uiters gedronge woord om iets oor te dra soos *'n stortvloed van water wat oor walle spoel of uitswel*; mens kan dan kwalik ook die klankmatige toespeling van die Engelse beskrywing *a swell of water* miskyk. Hierdie woordskepping is verder een van menigte voorbeelde wat voldoen aan hoe Blum (2008:251) sy nuutgeskepte woorde verdedig – naamlik dat hulle “eers die ‘konsensus’ van twee of meer tale moet hê”.

uit: *Enklaves van die lig* (52)

OPPERGOON “Blum-neologisme” vir ‘Opperman-epigoon’ (Kannemeyer 2008:294); epigoon in die betekenis “mindere afskynsel”.

uit: *Briewe van Peter Blum* (294)

OPPERTUUN leenvertaling van die Engelse woord *opportune* (geskikte, geleë, gepaste tyd).

uit: *Enklaves van die lig* (61)

ORTODIETSE Blum se samestelling van *ort(h)o'* (van Griekse *orthos*, reg): juis, goed; 'Diets': Nederlands verwante tale" (Kannemeyer, 2008:169).

uit: *Briewe van Blum* (169)

OSTENSIBELE leenvertaling van die Engelse woord *ostensible*, uit Latynse *simulatus, fictus*; dit wat geveins is. Middeleeuse Latyns bevat ook *ostensibilis*; in die betekenis van dit wat aantoonbaar is. Aldus: dit wat aangetoon kan word, maar moontlik vals, geveins is. Die woord "*ostensibel*" kom ook in Nederlands voor in die betekenis van "dit wat vertoond kan of moest worden" of ook wat "gewaand" is (*Van Dale Nieuw Handwoordenboek der Nederlandse Taal*, 1973:611).

uit: *Briewe van Peter Blum* (178)

PAGAAN die *WAT* (s.j.) gebruik Blum se gedigreël *[j]jou, klein pagaan, bekwyf* in die omskrywing van die woord *klein* wanneer daar verwys word na 'n jonger persoon of iemand met 'n laer stand. Dit is egter waarskynlik dat Blum hier 'n leenvertaling van die Engelse woord *pagan* (uit Latyns *paganus*; bewoner uit die platteland, klein dorp) bedoel het, gegewe die konteks van die digter-spreker se Katolieke geestesvervoering en die toespeling op die woord *heiden*.

uit: *Enklaves van die lig* (59)

PATER Blum se gebruik van hierdie woord in die sin *Hubert sal aan die slot [van die boek] pater* herinner noodwendig aan die Afrikaanse woord *peuter*. Dít terwyl hierdie woord oorspronklik die Latynse *pater* (in die betekenis van 'n vader, 'n outeur, 'n bron of oorsprong) is. Indien Blum hierdie onderskeie betekenis as samevoeging bedoel het, kan ons as volg ekstrapoleer: *Hubert wil aan die slot [van die boek] peuter asof hy die outeur daarvan is*.

uit: *Briewe van Blum* (221)

PENDENTE leenvertaling van die Engelse woord *pendant* (vryhangend), ook Anglo-Franse *pendant* (teenwoordige deelwoord *pendre*; om te hang); uit Vulgêre Latyn *pendere*.

uit: *Briewe van Peter Blum* (193)

PERTROES Blum (2008:257) se benaming vir die werk van S.J. Pretorius, spesifiek die “rou emosionaliteit” daarvan. Kannemeyer (2008:257) omskryf dit as die “sosiale deernis” wat in Pretorius se werk gevind kan word.

uit: *Briewe van Peter Blum* (257)

PITORESKE ’n leenvertaling van die Engelse woord *picturesque*; vanuit die Franse *pittoresque*, Italiaanse *pittoresco* afgelei van *pittore* (skilder) uit Latynse *pictor*. Aldus: prentjiemooi; skilderagtig.

uit: *Briewe van Peter Blum* (191)

POËMATA ’n leenwoord, uit die Latynse woord *poemata*; gedigte.

uit: *Briewe van Peter Blum* (147)

POËTASTERS Miskien skep Blum hier ’n kombinasie tussen *poeët* (verhewe benaming vir ’n digter) en ’n vernaamwoordeliking van *mistas/mistasting* (wanbegrip, oordeelsfout) aangesien hy binne die konteks van hierdie brief die Duitsers se oorskatting van Goethe beklag. Sien ook die inskrywing **Duitsdom**.

uit: *Briewe van Peter Blum* (11)

PROFUSIE ’n leenvertaling van die Engelse woord *profuse*; uitspattig, oorvloedig. Afgelei uit die Latynse *profuses*, onmatigheid, uitspattig.

uit: *Enklaves van die lig* (49)

PROOIL Blum se neologistiese toespeling op ’n roofdier wat ronddwaal op soek na prooi; moontlik dus ’n versmelting van die Afrikaanse woorde *prooi* en *dool*. *Prooil* is volgens Odendal (1965:16) ’n suiwer neologisme en ’n besonder geslaagde een. As mens dit ontleed as “*prooil* + *l*” vra Odendal (1965:16) of dit die “*l* van *loer* of *dool* of *dwaal*” is, en of dit dalk terugroep na die “Engels[e] *prowl*”; hoe dit ook al sy, met hierdie woord “verryk Blum Afrikaans”.

uit: *Enklaves van die lig* (75)

PROPRIËTÊR leenvertaling van die Engelse woord *proprietary* (een wat die reg op eksklusiewe besit tot iets beklee); uit Latyn *proprietas* (eiendom).

uit: *Briewe van Peter Blum* (194)

PROTOPAPPOPROFESORAAL moontlik 'n elaborate samestelling met *prototipe*, *papperd* en *profesoraal*, maar met inkorting van beide *prototipe* na *proto* en *papperd* na *pappo*. **Aldus:** 'n persoon wat verteenwoordigend is van hoe 'n groep of 'n kollektief kan wees; erudiet, akademies, maar oënskynlik sonder ruggraat. Die ontvanger van hierdie tipies Blumiaans-bytende benaming is Merwe Scholtz, wat deur Blum (2008:139) beskryf word as die "[v]ader en grootvader van alle pedante."

uit: *Briewe van Peter Blum* (125)

RANKUNEER die *WAT* (s.j.) gee slegs *rankune* aan; 'n verhewe benaming vir "geheime vyandskap", wrokkigheid en "langdurige gevoel van weersin". Afgelei uit die Latynse *rancor*, bitter, afstootlik.

uit: *Briewe van Peter Blum* (230)

RAPALJE moontlik 'n woordspeling met die Afrikaanse woorde *rapallie* en *petalje*. Eersgenoemde is 'n verouderde, alternatiewe benaming vir "gepeupel" (*WAT*, s.j.); ook gevind in Nederlands (*rapaille*), Middel Nederlands (*rappailge/raspalge*) asook Frans (*rascaille*) wat moontlik afgelei kan wees van die Oudfrankiese *raspaille* ('n vabond, uitvaagsel). *Rapallie* hou ook verband met die Engelse *rascal*.

uit: *Enklaves van die lig* (68)

REJEKSIE leenvertaling van die Engelse woord *rejection* (verwerping)

uit: *Briewe van Peter Blum* (175)

REVERSEER leenvertaling met funksiewisseling van die Engelse woord *reverse*; beweging agteruit, tru-rigting.

uit: *Briewe van Peter Blum* (268)

RES toespeling op die Afrikaanse woord *rus* en die Engelse woord *rest*.

uit: "*Intrede*" in *Briewe van Peter Blum* (225)

RINSEK-RINSEK nuutskepping uit klanknabootsing, wanneer vee, spesifiek osse aangejaag sou word. Die *WAT* (s.j.) gee slegs “rinsek” aan; uit Nederlandse *erin* en Afrikaanse *sé ek* – ’n verouderde benaming wat as uitroep gebruik word wanneer ’n os onder die jukskeie met sy kop moet inbuig, of wanneer beeskalwers afgekamp moet word.

uit: *Briewe van Peter Blum* (232)

ROMANTETIES Blum se neologistiese versmelting van *romanties* en *pateties* (Kannemeyer, 2008:81).

uit: *Briewe van Peter Blum* (81)

RUMINEREND leenvertaling van die Engelse woord *ruminate/ruminating* (ontspanne, tydsaam bedink). Afgelei uit Latynse *ruminatus*; herkou, mymer.

uit: *Briewe van Peter Blum* (202)

SEKONDAIRE kombinasie van die Afrikaanse woord *sekondêr* en die insgelykse *secondaire* in Frans; tweede in belangrikheid, rang of voor-die-hand-liggendheid.

uit: *Briewe van Peter Blum* (317)

SENS waarskynlik ’n leenvertaling van die Engels woord *sense* (in die betekenis van *rasionaliteit*) aangesien Blum (2008:273) dit in hierdie konteks gebruik: “ek slaag nie daarin om sens in die Kaapse mense te kry nie.” Die *WAT* (s.j.) gee wel *sens* aan, maar in die betekenis van ’n plaasimpliment wat help oes of maai, as figuurlike gebruik en in terme van sekere idiomatiese uitdrukkings.

uit: *Briewe van Peter Blum* (273)

SINKENS waarskynlik ’n ontlening uit Duits: *sinke* beteken gewoon om te sink of onder te gaan; *Senkung* (meervoud *senkungen*) beteken ondergang, redusering. Dit is ook moontlik dat Blum sinspeel op sinkdalkoors (ook slenkalkoors); ’n gevaarlike virussiekte wat van veediere na die mens oorgedra kan word. In die jare 1950-1956 is verskeie epidemies onder Suid-Afrikaanse vee aangeteken.

uit: *Steenbok tot Poolsee* (54-55)

SKAARDE waarskynlik 'n leenvertaling van die Nederlandse *schaard* (meervoud *schaarde*); onder meer uit Middelnederlandse *schaerde* wat beteken 'n opening uitgebreek of deursny. Vergelyk ook die woord *scharte* uit Hoogduits en die Oudengelse *scaerd* wat miskien 'n verband het tot die Latynse *curtus* wat beteken om te verkort of te vermink.

uit: *Briewe van Blum* (41)

SKEMERTY vervorming van die woord *skemertyd* om rymskema met *gety* vol te hou en tegelykertyd ook 'n samestelling met hierdie woord te bewerkstellig.

uit: *Steenbok tot Poolsee* (9)

SKIMMER die *WAT* (s.j.) gee wel die woord *skimmer* (uit Amerikaanse Engels: 'n soort rok, gewoonlik met 'n A-lyn snit in die rompgedeelte) aan, maar nie in die betekenis wat Blum hier wil oordra nie; hy gebruik dit eerstens as 'n werkwoord en tweedens modelleer hy *skimmer* oënskynlik die woord op grond van *glimmer* deur dit met *skyn* te kombineer.

uit: *Enklaves van die lig* (16).

SKUTHULLING moontlik 'n toespeling op en vervorming van die Afrikaanse woorde *beskutting* (skuiling, bedekking) en *verhulling* (deftig vir versteek, wegsteek) en/of *onthulling*.

uit: *Briewe van Peter Blum* (91)

SLOOM Nederlands vir moeg, vaak; waarskynlik 'n jonger woordvorm van die Nederlandse *loom*; sluimerend. Elders in sy briewe gebruik Blum (2008:276) ook die woord in 'n teenoorgestelde sin as hy skryf "onslome".

uit: *Briewe van Peter Blum* (267)

S'NATERS met hierdie Kaaps-geïnspireerde spreektaalvorm maak Blum 'n gelyktydige toespeling op die Afrikaanse woord *senators* (lede van 'n senaat) sowel as die neerhalende term vir 'n persoon se mond, gewoonlik iemand wat aanhoudend babbel.

uit: *Enklaves van die lig* (31)

SOLANNÈL 'n leenvertaling van die Franse woord *solennel*; plegtig.

uit: *Enklaves van die lig* (28)

SOLLISITEER leenvertaling van die Engelse woord *solicit*, oorspronklik vanuit die Latynse *sol(l)icitare* in die betekenis van 'n versoek rig met 'n pleidooi of op verleidelike wyse. Die WAT (s.j.) geen nie "sollisiteer" aan nie.

uit: *Briewe van Peter Blum* (311)

SOLITUUT leenvertaling van die Engelse woord *solitude*; afgeleë.

uit: *Enklaves van die lig* (25)

SOOP waarskynlik Blum se eenlettergrepige vervorming van die Afrikaanse woord *besope*.

uit: *"Intrede" in Briewe van Peter Blum* (225)

SPESIMINA leenvertaling van Engelse en Latynse *specimen*. Dit is onduidelik hoekom Blum die "-a" verbuiging byvoeg; moontlik om te verwys na die vroulike grammatikale gender soos dit in Spaans voorkom.

uit: *Briewe van Peter Blum* (281)

SPESSERLJAAL speelse vervorming van die Afrikaanse woord *spesiaal*.

uit: *Briewe van Peter Blum* (247)

SPRAAL leenvertaling van die Engelse woord *sprawl*; (uitgestrek, om ongebreideld en onreëlmatig uit te brei).

uit: *Enklaves van die lig* (61)

STRALOKOSMIKUS *-kosmikus* is 'n leenvertaling van die Latynse *cosmos*; behorende tot die wêreld, 'n wêreldburger. Dit is onduidelik hoe die "stralo"-woorddeel samestellend bygevoeg word; moontlik 'n vervorming van die woord "straal" in die betekenis (uit fisika) van enige vorm van elektromagnetiese straling wat "deur 'n vry ruimte na 'n gegewe punt" beweeg (WAT, s.j.).

uit: *Briewe van Blum* (190)

STREKKEL dalk 'n kombinasie van die Afrikaanse woorde *strek* en *wikkel* of *kekkel* om te verwys na hoe die passasie soos *haar klein blou figuur aan 'n skilder se komposisie/ [s]amehang gee en kohesie. Stendhal praat van “kristallisering”* (53) tipografies verder na regs in *Enklaves van die lig* (1958:53) strek as in vergelyking met die vorige twee gedigreëls.

uit: *Briewe van Blum* (96)

SUUT miskien skryf Blum hier 'n knipsel of ingekorte vorm van die woord *suutjies* neer sodat die gedigreël as volg sou lui: *[e]n soos 'n kwagga suut[jies] die gluur/ [v]an jagtersoë vryspring*”.

uit: *Enklaves van die lig* (59)

TAAL-MONSTRUOSA *-monstruosa* soos geleen uit die Latynse *monstruoses*; vreemd, gedrogtelik.

uit: *Briewe van Blum* (178)

TAKSIS moontlik ontleen van die Griekse woord *taxis* (as gronddeel van byvoorbeeld die woord “taksidermie”) in die betekenis van rangskikking.

uit: *Steenbok tot Poolsee* (99)

TÊRE Blum se neologistiese toespeling op die Afrikaanse woord *terg*.

uit: *Steenbok tot Poolsee* (47)

TJOKKABLOK leenvertaling van die Engelse woord *chockablock* wat oorspronklik as seevaarder-term ontstaan het. Dit verwys na 'n trektou-sisteem op skepe waartydens houtblokke gebruik is om byvoorbeeld 'n seil te span. Wanneer die tou so ver moontlik getrek is, sou blokke styf teen mekaar te staan kom en genoem word *chockablock*.

uit: *Briewe van Peter Blum* (280)

TÓLTEREND dit is onduidelik wat presies Blum in gedagte gehad het met hierdie woord; moontlik 'n versmelting van die woorde *tol* en *folterend*.

uit: *Briewe van Peter Blum* (91)

TORT leenwoord vanaf die Engelse *tort*; verdraaiing of verwringing (*Merriam-Webster Dictionary*, s.j.).

TRANKILITEIT Blum maak oënskynlik 'n leenvertaling van die Engelse woord *tranquility* en kombineer dit moontlik met die Afrikaanse *majesteit* aangesien hy verwys na 'n *Heilige Trankiliteit*.

uit: *Enklaves van die lig* (78)

TROMBOOZ afgelei uit Griekse *thrombos*; klont.

uit: *Briewe van Peter Blum* (275)

TUISTELIK moontlik 'n versmelting van *tuiste* en *huislik*; alhoewel die semantiese inhoud van hierdie twee woorde toutologies kan voorkom, mag dit miskien Blum se manier wees om hierdie oënskynlike huislikheidsgevoel te intensiveer.

uit: *Enklaves van die lig* (54)

TWYEKAALTE. *Twye* kan 'n leenvertaling wees van die Engelse *twig* sodat Blum met hierdie samestelling sinspeel op 'n kaal vlakte of 'n vlakte met kaal bome sonder kleiner takkies en stokkies. In die *WAT* (s.j) word 'n aanhaling uit S. J. Pretorius se digbundel *Vonk* (1943:14) as voorbeeld gebruik om die woord *klaag* (wat spruit uit droefheid, leed) te illustreer: [*djie wind wat deur die twye klaag*. Afrikaans ken *twygjie* (takkie) en in Nederlands bestaan *twijg* ('n tak) waarvan die etimologie dui op "afsplitsing" (*Van Dale Etymologisch Woordenboek*, 1997:912).

uit: *Enklaves van die lig* (51)

TYDSKROEF Blum se neologistiese benaming vir *Tydskrif vir Letterkunde* en *bedroef*. 'n Konteksafhanklike nuutskepping, aangesien Blum dwars in die krop gesteeke was oor enkele (onder meer puristiese) artikels wat in hierdie tydvak verskyn het.

uit: *Briewe van Blum* (99)

UITRAAG Blum gebruik hierdie woord in die gedig “Episode II” met verwysing na die klanke wat beierende kerkklokke maak vanuit ’n toring; bes moontlik maak hy hier ’n toespeling op die draal van hierdie klanke uit die toring, siende “uitraag” wil-wil herinner aan ’n woord soos uitryg. Die woorddeel *-raag* word ook nie in Afrikaanse of Nederlandse woordeboeke aangegee nie, behalwe waar dit voorkom as deel van die Nederlandse *raagbol/ragebol* (hare van ’n kwas), maar die etimologie van *rag* is onbekend. Odendal (1965:9) verklaar die woord as ’n leenvertaling vanaf die Duitse woord *ausragen* wat breedweg uitstulping bedoel – soortgelyk aan hoe kloktonge net-net uitsteek wanneer ’n klok van die kant af of effe skuins van onder af beskou word. In hierdie betekenis vermag Blum dus ’n konkrete versinnebeelding van die onderkant van ’n kloktong wat beier.

uit: *Enklaves van die lig* (77, 56, 62)

UITVORS Blum se neologistiese samevoeging van die Afrikaanse woorde *uitvind* en *navors*.

uit: *Briewe van Blum* (190)

VERBURGERLIKING Blum skep ’n neologisme met morfemiese dele wat oënskynlik sinspeel op *inburgering*; lg. is die gewilligheid en poging om in ’n nuwe tuiste of gemeenskap geassimileer en aanvaar te word. Blum se woordkonstruksie sinspeel egter eerder op ’n persoon se onwilligheid om in sodanige gemeenskap opgeneem te word met voorbehoud vir so ’n ongewenste en ongevraagde aksie wat vanaf die gemeenskap sou kan kom. Dit is moontlik dat Blum onwillig was om gedwing te word in ’n sekere klas; hy wou miskien eerder as behorende tot ’n hoër klas gesien word, dus meer intellektueel, adellik of libertyn plaas van ’n konformerende middelklasbestaan.

uit: *Briewe van Blum* (76)

VERDREWE eie aan Blum mag hierdie woord bloot ’n vervormende afleiding wees van die woord *verdryf*, of dit kan ’n kombinasie wees tussen die Afrikaanse woorde *verdryf* en *bedrewe* of *gedrewe* wat – gegewe die konteks en die betekenisimplikasie van die gedig – ewe waarskynlik kan wees.

uit: *Enklaves van die lig* (28)

VERITABELE leenvertaling van die Engelse woord *veritable* wat op sy beurt ontleen is vanuit die Franse *verité*; waaragtig, werklik.

uit: *Briewe van Blum* (178)

VIVAAS 'n leenvertaling (met reduksie) van die Engelse woord *vivacious*; lewendig, geestig. Uit die Latynse *vivax*; lewenskragtig, geesdriftig.

uit: *Enklaves van die lig* (48)

VIVISSIMEER Kannemeyer (2008:160) verduidelik dat Blum hier 'n speelse kombinasie van die Latynse woord *vivere* ('om te lewe') en die Griekse *sema* ('teken') kombineer om min of meer te bedoel '[w]atter van die presidente (gee vir jou die beste) teken van lewe'. Hierbenewens is dit ook moontlik dat Blum ook die Latynse woord *vivacitas* (lewensduur, om lank te lewe) in gedagte kon hê, sodat hierdie neologisme veronderstel is om te vra: Watter president dra die teken van die een wat die langslewende sal wees?

uit: *Briewe van Peter Blum* (160)

VOD knipsel, inkorting van *vodde*; flenters.

uit: *Enklaves van die lig* (58)

VUIGE ontlening van Nederlandse *vuig*; uit *vudich* (lui) en later *vuygh* (sleg). Die Hoogduitse woord *faul* het dieselfde stam as *vuil*. 'n Betekenissametrekking vind dus hier plaas.

uit: *Briewe van Peter Blum* (273), *Enklaves van die lig* (58)

WAARVUUR samesmelting van die woorde *waarvoor* en *vuur*.

uit: *Enklaves van die lig* (21)

WANBESOORTE Blum gebruik hierdie woord dalk met verwysing na *goedkoop meubels* en roep moontlik die semantiese inhoud van 'n Afrikaanse woord soos *wanaangepas* op: dit wat nie heel mooi inpas nie, wat nie dieselfde is as die res nie – vandaar dan ook die insluiting van *-soort-*.

uit: *Enklaves van die lig* (72)

WARDOM Blum maak moontlik 'n toespeling op die Afrikaanse woord *verwarring* en/of die uitdrukking *in die war wees*; (deurmekaar, in die moeilikheid wees). Hy kombineer dit ook met *-dom* om tegelyk te verwys na argumentshalwe *die volledige groepering van* asook dalk *dom* in die betekenis van onnosel of onkundig. Laasgenoemde maak dan die implisiete stelling dat *'n groepering mense wat hulle in die war laat stuur, onnosel is*. 'n Indringende ontleding van die gedig se betekeniskonteks sal hier meehelp. Sien ook **mandom**.

uit: *Enklaves van die lig* (49)

WAR-OM 'n toespeling of "waarom" en "iemand in die war stuur".

uit: *Enklaves van die lig* (21)

WARRELD dalk 'n versmelting tussen *verwar* en *bedremmeld*. Walters (1972:19) wys daarop dat die woord klankmatig gesproke die woord *wêreld* oproep, en terselfdertyd *verwarring* en *warrel*. In terme van hoe die woord in die gedigreël optree – naamlik *mag met kloktong die warreld vry* – lees Walters (1972:19) die volgende betekenisimplikasies af: *Mag met 'n helder of luide tong of stem die wêreld vry maak van verwarring, asook ironieserwys die verwarring in die wêreld loslaat*.

uit: *Enklaves van die lig* (21)

WÊÊ-BRIEF volksetimologiese neologisme om min of meer te sê: *tonguitsteek-brief*. Dit roep variasies op van koggel-uitroepe (veral onder kinders) bekend in die volksmond – vergelyk "wê-la-ka-pê-la!" (teenwoordig in Gariepafrikaans, oorsprong onbekend).

uit: *Briewe van Peter Blum* (292)

WEERTRIL samesmelting van die Afrikaanse woorde *weergalm* en *tril*.

uit: *Enklaves van die lig* (12)

WISSELKOORLIK waarskynlik 'n versmelting van die Afrikaanse woorde *wisselvallig* en *bekoorlik* om – want Blum gebruik hierdie woord om 'n landskap te beskryf – te sê dat dit wisselvallig is in terme van die bekoorlikheid daarvan, derhalwe nie deurgaans of oral mooi/bekoorlik nie.

uit: *Enklaves van die lig* (52)

WINDOOG dit is moontlik dat Blum hier 'n leenvertaling uit die etimologiese basis van die Engelse woord *window* skep: laasgenoemde is afgelei uit die Middelenlengse *windowe*, vanuit die Oudnoorse “*vindaug*”; letterlik *wind* (*vindr*) en *oog* (*auge*)

uit: *Briewe van Peter Blum* (91)

WOFFEL waarskynlik 'n leenvertaling (met funksiewisseling) van Britse Engelse *woffler* (iemand wat herstelwerk doen). Die woord is moontlik afkomstig vanuit 'n vroeëre dialektiese woordvorm *woffle*; om vinnig oor iets te gly. Dit is interessant om te let dat Blum dit gebruik in die betekenis van *vinnig opdiep/oproep*, *vinnig uitkrap*.

uit: *Briewe van Peter Blum* (281)

6. Slot

Uit die omskrywings van bostaande woorde is dit duidelik dat Blum 'n spesiale voorkeur gehad het om frases of etlike woorde (en in laasgenoemde geval, gemeet aan die gebruikskonteks, dikwels boonop meer as een betekenisonderskeiding te mobiliseer) te kondenseer en weer te gee in *een drong woord* (Blum, 1958:21). Hierdie kenmerk maak Blum se woordskepping uniek. Soms is woorde tot die uiterste besnoei, waarvan 'n nie-normhoudende voorbeeld presies die woord *drong* is. Die woord kom steeds betekenisdeursigtig voor, want dit is voor-die-liggend dat dit geskep is vanuit *gedronge*, maar wat dit uniek maak, is hoe Blum daarmee 'n performatiewe verletterliking van wat die woord in die eerste plek bedoel, operasionaliseer. Verder het Blum se woordskepping in 'n hoë mate staatgemaak op leenvertaling. Blum (2008:251) se moedertaal Duits was weliswaar moontlik een van die belangrikste voedingsbronne, maar dikwels, soos hy ook in sy brief aan Lindenberg vertel, moes 'n woord gewoonlik “eers die ‘konsensus’ van twee of meer tale hê” voordat hy die woord sou skep – 'n saak al te duidelik te bespeur in die gereelde bystand wat Engels en Latyns verleen het. Verder het Blum ook nie geskroom morfemiese dele uit 'n ander taal (vergelyk byvoorbeeld die Duitse voorvoegsel *-er*) met woorde in Afrikaans te kombineer nie. In hierdie opsig dus is dit duidelik dat Blum hom min geskeel het aan die reëlgebonde karakter van die Afrikaanse doeltaal waarin hy sy poësie gebesig het, soos wat ook duidelik word in die gebruik van onproduktiewe Afrikaanse agtervoegsels soos *-el* (soos deur Odendal, 1965:10 uitgewys).

Die bostaande glossarium wil nie voorgee om die finale woord te verskaf op wat Blum se woordbousels beteken of hoe hulle in die eerste plek gekonstrueer is nie, ook nie eens hóé Blum se skeppings geklassifiseer behoort te word nie. Boonop is die kwessie van betekenisdeursigtigheid 'n relatiewe saak. Die glossarium is bloot 'n vertrekpunt vir ander

navorsers wat meer indringende studies om Blum se skryfwerk wil doen sonder om eers genoop te word tot uitvoerige naslaanwerk in woordeboeke. Verder wil hierdie artikel klem plaas op die feit dat taalkunde en letterkunde in wese funksioneer as een entiteit – taal is tog wat beide bemiddel – al is dit so dat 'n navorsingsfokus welke een kan bevoorgrond. Taal funksioneer nie binne 'n vakuum nie, nog minder die navorsingsvelde wat daarmee verband hou. So 'n stand van sake beteken prakties gesproke byvoorbeeld dat noukeurige letterkundige ontledings van Blum se gedigte oorweging skenk aan watter betekenisonderskeidings aanwesig is *in die greep/ van een drong woord*. Anders gestel: Dit is die taalkundige inhoud, maar ook die letterkundige betekenisomgewing van die woorde wat saamspan om genuanseerde en gelaagde omskrywings van woorde te verskaf, en wat op sy beurt veronderstel is ontledings van gedigte verder te verryk. Hiervan is woorde soos *warreld*, *al-lis* en *bewoespyn* (onder vele meer) uit die gedig “Man wat mal word” in *Enklaves van die lig* (Blum, 1958:21) van die helderste voorbeelde, woorde wat binne konteks gelees moet word en wat met reg sterker kwalifiseer as geleentheidskepping in stede van neologismes.

Nie lank ná die verskyning van Blum se enigste twee digbundels nie, postuleer Odendal (1965:5) dat Blum met onderskeidelik *Steenbok tot Poolsee* en *Enklaves van die lig* spesifiek die “taalkundige” doelwitte gehad het om die gewone, bekende gebruik van Afrikaans tot die uiterste toe te wring en te plet en om die Afrikaanse taal te “verkunstel”. Die gedigsiklus “Klok in die newel” in *Enklaves van die lig* word in die lig hiervan as 'n hoogtepunt beskou (Odendal, 1965:5). Die uiterstes waartoe Blum met sy woordskepping gegaan het, het hom die etiket “woordfantas en woordgeweldenaar” besorg (Antonissen in Odendal, 1965:5). Waar suiwer leenvertaling ter sprake was, mag dit miskien die misnoeë van die destydse kritici help verklaar, want Blum het effektief sy leenvertaling gepleeg ten koste van ander bestaande Afrikaanse woorde wat dieselfde betekenis sou kon oordra. Ten spyte hiervan is daar ook regverdiging te vinde vir Blum se woordskepping in dié opsig dat hy 'n opvallende geneentheid tot *betekenisverdigting* gehad het, want te dikwels is woorde slegs verklaarbaar deur die samevoeging van verskillende woorde met verskillende betekenisse, of deur die mobilisasie van verskeie betekenisonderskeide. Daarom sou mens kon sê dat Blum se woordkonstruksie 'n soort portmanteau-metodologie volg, want woorde mét hulle onderskeie en soms uiteenlopende betekenisonderskeide word met mekaar gekombineer binne een gedronge sametrekking. Terselfdertyd word hierdie soort betekenisverdigting verder verruim in terme van hoe Blum dikwels Europese kulturele materiaal oproep met sy woordskeppings, 'n saak wat vergelykbaar is met wat James Joyce in *Finnegans Wake* doen (1975 [1939]), en dit is nie onmoontlik dat Blum, wyd belese soos hy was, Joyce se werk geken het en dieselfde sou wou probeer doen het in Afrikaans nie (vergelyk Borg, 2007:122, asook Milesi, 2004:144-161; Slote, 2004:162-183 vir takserings van Joyce se werk wat spesifiek fokus op die strategie en die uitwerking van die taalspel in *Finnegans Wake*). Die vergelykbaarheid van die taalspel tussen Blum en Joyce is uitgewys deur een van die keurders van hierdie artikel, en is vrug vir verdere stimulerende navorsing.

Nota

1. Hierna genoem *HAT*.

Bronnelys

- Afrikaanse Etimologieë*. 1967. 1ste uitgawe. Pretoria: Die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns.
- Alfano, V. 2025. Reinventing the local: Neologism in William Barnes. *Interdisciplinary Studies in the Long Nineteenth Century*, 37(1):1-17.
- Anesa, P. 2019. *Lexical innovation in world Englishes: Cross-fertilization and evolving paradigms*. Abingdon: Routledge.
- Blum, P. 1955. *Steenbok tot Poolsee*. Kaapstad: Tafelberg.
- Blum, P. 1956. Hoe ek dekadent geword het. *Standpunte*, 11(2):66-70.
- Blum, P. 1958. *Enklaves van die lig*. Kaapstad: A. A. Balkema.
- Borg, R. 2007. Neologizing in *Finnegans Wake*: Beyond a typology of the Wakean Portmanteau. *Poetics today*, 28(1):143-164.
- Bosman, N. 2013. Eenders en anders: die leksikons van Afrikaans en Nederlands in die een-en-twintigste eeu – 'n loodsstudie. *Tydskrif vir letterkunde*, 50(3):135-154.
- Carstens, A. 1990. Komposisionaleiteitsbeginsels en die beskrywing van geleentheidskomposita. *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Taalkunde*, 8(3):99-107.
- Carstens, W. A. M & Bosman, N., reds. 2017. *Kontemporêre Afrikaanse Taalkunde*. Pretoria: Van Schaik.
- Casañ-Pitarch, R. 2023. The language of crypto-currencies: Frequent words, neologisms, acronyms and metaphors. *Medellín, Colombia*, 28(1):122-138.
- Cassell's Latin Dictionary: Latin-English and English-Latin*. 1935. 20th ed. London: Cassell.
- El Maouch, M., Jin, Z., Zhao, K. & Zhang, Y. 2024. The “creativity crises” as a mind in crises: a cultural-historical activity theory position. *Integrative Psychological and Behavioral Science*, 58(1):433-461.
- Epstein, M. 2011. *PreDictionary: Experiments in Verbal Creativity*. San Francisco: Atelos.
- Franck's Etymologisch Woordenboek der Nederlandsche taal*. 1979. 1ste uitg. 's-Gravenhage: Martinus Nijhoff.
- Frazier, J. F. 2024. *A corpus-based theory and lexicographic process for the inclusion of neologisms, archaisms and foreign loan words of Q'eqchi' Mayan*. Stellenbosch: Stellenbosch University. (Thesis – PhD).
- Geeraerts, D. 2007. Lexicography. In: Geeraerts, D. & Cuyckens, H., eds. *The Oxford Handbook of Cognitive Linguistics*. Oxford: Oxford University Press. pp. 1160-1174.

- Grondelaers, S., Speelman, D. & Geeraerts, D. 2007. Lexical Variation and Change. In: Geeraerts, D. & Cuyckens, H., eds. *The Oxford Handbook of Cognitive Linguistics*. Oxford: Oxford University Press. pp. 988-1110.
- Gouws, R. 2016. Enkele minder bekende Afrikaanse woordeboek-monumente. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 56(2-1):355-370.
- HAT: Handwoordeboek van die Afrikaanse taal*. 2005. 6de uitg. Kaapstad: Pearson.
- Joyce, J. 1975. *Finnegans Wake*. London: Faber & Faber.
- Kannemeyer, J.C. 2008. *Briewe van Peter Blum*. Hermanus: Hemel en See Boeke.
- Kitzlerová, J. 2022. Mayakovsky's neologisms: word-formation models, functions, afterlife. *Russian Literature*, 128(1):1-30.
- Lipka, L. 1990. *An outline of English lexicology: lexical structure, word semantics and word-formation*. Verlag & Tubingen: Max Niemeyer.
- Louw, W.E.G. 1949. *Terugtog*. Kaapstad: Nasionale Pers.
- Luzzi, J. 2010. "As a leaf on a branch...": Dante's neologisms. *Modern Language Association*, 125(2):322-336.
- Lyons, J. 1968. *Introduction to Theoretical Linguistics*. London: Cambridge University Press.
- Lyons, J. 1977. *Semantics*. Cambridge: Cambridge University Press.
- Merriam-Webster Dictionary. s.j. <https://www.merriam-webster.com/> Date of access: 20 Jan. 2023.
- Milesi, L. 2004. Joyce, language, and languages. In: Rabaté, J., ed. *James Joyce studies*. Hampshire: Palgrave Macmillan. pp. 144-162.
- Nichols, W. & Lawyer, L. C. 2021. Identifying emergent meanings via the word of the year process: A case study. *Dictionaries: Journal of the Dictionary Society of North America*, 42(2):57-69.
- Odendal, F.F. 1965. Oor die grense van taal: aspekte van die taalgebruik van Peter Blum. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 5(1):3-25.
- Odendaal, B.J. 1993. Die buitengewone woord as verkenningsintuig in die poësie van Peter Blum en T.T. Cloete. *Stilet*, 5(1):83-97.
- Opperman, D.J. 1958. *Negester oor Ninevé*. Kaapstad: Nasionale Boekhandel.
- Perrottet, T. 2023. *The misunderstood Roman empress who willed her way to the top: A fresh view of Galla Placidia, who married a barbarian and ruled when the world fell into chaos*. <https://www.smithsonianmag.com/history/misunderstood-roman-empress-willed-way-to-top-180981294/> Date of access: 29 Apr. 2025.

- Petik, I. 2016. *Psychologim and neopsychologism in philosophy of logic*. Tartu: University of Tartu. (Dissertation – MA).
- Petrovsky, N.A. 1925. *Literaturnaia entsiklopediia*. Moskva.
- Richter, C.M. 2020. 'n Morfologies-sistematiese analise van die komposisiestruktuur in “vier pogings in linguistiese sinaps-opsporing” in *Mede-wete* (2014) deur Antjie Krog. Bloemfontein: Universiteit van die Vrystaat. (Verhandeling – MA).
- Richter, C. & Pieterse, H. 2024. 'n Morfologies-semantiese analise van komposisiestruktuur in “vier pogings in linguistiese sinaps-opsporing” in *Mede-wete* (2014) deur Antjie Krog. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 64(4):665-694.
- Scholtz, J. Du P. 1981. Voorgeskiedenis van die publikasie van *Enklaves van die lig*. *Standpunte*, 34(3):6-12.
- Slote, S. 2004. Joyce and science. In: Rabaté, J., ed. *James Joyce studies*. Hampshire & New York: Palgrave Macmillan. pp. 162-183.
- Southard, B. 1982. The language of science-fiction fan magazines. *American Speech*, 57(1):19-31.
- The Oxford Dictionary of Islam*. 2003. 1st ed. Oxford: Oxford University Press.
- The Oxford German Dictionary*. 1990. 3rd ed. Oxford: Oxford University Press.
- Van Dale's Etymologisch Woordenboek: de herkomst van onze woorden*. 1997. Utrecht/Antwerpen: Van Dale Lexicografie.
- Van Dale's Handwoordenboek der Nederlandsche taal*. 1925. 4de uitg. 's-Gravenhage: Martinus Nijhoff.
- Van Dale Nieuw Handwoordenboek der Nederlandse Taal*. 1973. 12de uitg. 's-Gravenhage: Martinus Nijhoff.
- Van der Merwe, H. J. J. M. 1971. *Vroeë Afrikaanse Woordelyste*. Pretoria: J.L. van Schaik.
- Van der Westhuizen, I. 1959. *Kinders van die stad*. Pretoria: Van Schaik.
- Van Niekerk, A. & Jenkinson, A. 2004. Leksikale vernuwing: neologismes en geleentheidskeppings. *South African Linguistics and Applied Language Studies* 22(3&4):173-190.
- Van Niekerk, M. 2013. *Kaar*. Kaapstad: Human & Rousseau.
- Verdam Middelnederlandsch Handwoordenboek*. 1979. 's-Gravenhage: Nijhoff.
- Walters, M. 1972. 'n Semantiese en morfologiese ondersoek na die ligmomente in die *bundel Enklaves van die lig van Peter Blum*. Kaapstad: Universiteit van Kaapstad. (Verhandeling – MA).

Wittgenstein, L. 1989. *Philosophical Investigations*. Oxford: Blackwell.

Van Niekerk, F., red. 1997. *Wildewoordeboek*. Pretoria: J.P. van der Walt & Seun.

Woordeboek van Afrikaans Vandag. s.j. <https://afrikaans-vandag.co.za/> Datum van gebruik: 20 Jan. 2023.

Woordeboek van die Afrikaanse Taal. s.j. <https://www-woordeboek-co-za.ez.sun.ac.za/> Datum van gebruik: 20 Jan. 2023.